



'N EKONOMIESE EVALUASIE VAN SOMMIGE  
GEWASOPVOLGINGSTELSELS ONDER  
DROËLANDTOESTANDE IN DIE  
MIDDEL-VRYSTAAT

deur

JAN ADRIAAN GROBBELAAR

Voorgelê ter vervulling van die  
vereistes vir die graad  
M.Sc. Agric.  
in die Fakulteit Landbou  
(Departement Landbou-ekonomie)  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
Bloemfontein

Januarie 1985

STUDIELEIER: PROF. C.S. BLIGNAUT

MEDESTUDIELEIERS: PROF. J.M. DE JAGER  
PROF. J.J. HUMAN

UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



198504714401220000019

## VOORWOORD

Hiermee wens ek my hartlike dank teenoor die volgende persone en instansies te betuig:

- \* Die studieleiers, Proff. C.S. Blignaut, J.M. de Jager en J.J. Human, vir hulle leiding tydens en belangstelling in hierdie studie.
- \* Die Direkoraat Landbouproduksie-ekonomie, vir die geleentheid om die studie ten uitvoer te bring.
- \* Die boere in die ondersoekgebied, vir hulle bereidwilligheid om saam te werk en inligting te verskaf.
- \* Triomf Kunsmis (Edms) Bpk., vir die beskikbaarstelling van koringopbrengsdata vir Hebron.
- \* Alle kollegas aan die Navorsingsinstituut. Glen wat hulp gedurende die studie verleen het.
- \* Mev. H. Odendaal, vir die tik van die bylaes en tabelle.
- \* My vrou, asook ander familie-lede, vir hulle hulp en ondersteuning.
- \* My Skepper, vir die krag, gesondheid en geleentheid om hierdie studie te kon aanpak en voltooi.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK 1      INLEIDING	1
HOOFSTUK 2      LITERATUURORSIG	9
2.1    Ontstaan van wisselbou	9
2.2    Redes vir wisselbou	10
2.2.1    Beheer van onkruid, plae en siektes	12
2.2.2    Hou grondvrugbaarheid in stand	13
2.2.3    Verhoed gronderosie	14
2.2.4    Verspreiding van arbeids- en meganisasië- behoeftes	15
2.2.5    Vermindering van risiko en onsekerheid	16
2.2.6    Verhoging van gewasopbrengste	16
2.2.7    Verbetering van gewaskwaliteit	18
2.3    Die samestelling van 'n wisselboustelsel	18
2.4    Braaklê van lande	20
2.5    Die plek van monokultuur	27
2.6    Opsommend	28
HOOFSTUK 3      BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED	30
3.1    Inleidings	30
3.2    Ligging	35

3.3	Klimaat	36
3.3.1	Reënval	36
3.3.1.1	Jaarlikse reënval	37
3.3.1.2	Maandelikse reënval	40
3.3.1.3	Daaglikse reënval	43
3.3.2	Temperatuur	45
3.3.3	Sonskynduur	49
3.3.4	Wind	51
3.3.5	Verdamping	53
3.4	Grond	55
3.5	Gewasverbouing	56
3.5.1	Koringverbouing	58
3.5.2	Mielieverbouing	59
3.6	Gewasopvolgingstelsels	60
3.7	Opsommend	64
HOOFSTUK 4 ONDERSOEKPROSEDURE		66
4.1	Inleidend	66
4.2	Die boerdery-teenheid	67
4.3	Boerderypraktyke	67
4.4	Gewasopbrengste	68
4.4.1	Gewasgroeimodelle	70
4.4.2	Koringopbrengste	71
4.4.3	Mielie-opbrengste	79
4.5	Ekonomiese evaluasie	81

(iii)

HOOFSTUK 5	BESPREKING VAN DIE RESULTATE	84
5.1	Berekende opbrengste	84
5.2	Boerderywinsontledings: gemiddelde opbrengste en 1983-pryse	90
5.2.1	Bruto boerderyproduksiewaarde	91
5.2.2	Boerderymarge bo veranderlike koste	92
5.2.3	Netto boerdery-inkomste	98
5.2.4	Boerderywins	100
5.2.5	Opsommend	104
5.3	Boerderywinsontledings: jaarlikse opbrengste en 1983-pryse	104
5.4	Boerderywinsontledings: jaarlikse opbrengste en pryse soos vir die betrokke jaar	109
5.5	Huidige waardes van boerderywinste	111
5.6	Interne opbrengskoers	115
5.7	Risiko-bepaling	119
5.8	Opsommend	124
HOOFSTUK 6	SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN BESPREKING	126
BYLAE A		133
BYLAE B		135
BYLAE C		136

(iv)

BYLAE D	143
BYLAE E	150
BYLAE F	157
BYLAE G	164
BYLAE H	171

LITERATUURLYS	178
---------------	-----

OPSOMMING

## LYS VAN TABELLE

	Bladsy	
Tabel 2.1	Gemiddelde opbrengste van koring by drie navorsingstasies in Kansas (VSA)	22
Tabel 3.1	Maandelikse reënval te Glen vir die tydperk 1922 tot 1983	41
Tabel 3.2	Koëffisiënt van variasie van maandelikse reënval te Glen (1922 - 1983) en te Bethlehem (1951 - 1978)	44
Tabel 3.3	Daaglikse reënval te Glen vir die tydperk 1922 tot 1983	46
Tabel 3.4	Daaglikse temperatuurgegewens vir Glen oor die tydperk 1922 tot 1983	48
Tabel 3.5	Waarskynlikheid van die voorkoms van ryp van 0 °C en -2,2°C (grasminimum temperatuur) te Glen op 'n bepaalde datum vir die tydperk 1922 tot 1964	50
Tabel 3.6	Daaglikse sonskynduurgewens vir Glen oor die tydperk 1922 tot 1964	52
Tabel 3.7	Verdampingsgewens vir Glen oor die periode 1959 tot 1982	54
Tabel 3.8	Produksiesyfers van die belangrikste kontantgewasse in die Bloemfontein-landdrosdistrik (1978)	57
Tabel 4.1	Gemete en berekende braaklandkoringopbrengste vir 4 afsonderlike jare by Hebron	73
Tabel 4.2	Gemete monokultuurkoringopbrengste en berekende braaklandkoringopbrengste by Hebron (1974 - 1983)	77
Tabel 5.1	Berekende koring- en mielie-opbrengste vir die hipotetiese boerdery-eenheid oor die tydperk 1960 tot 1983	85
Tabel 5.2	Bruto boerderyproduksiewaarde van die hipotetiese boerdery-eenheid vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	93

Tabel 5.3	Boerderymarges van die hipotetiese boerdery-eenheid vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	97
Tabel 5.4	Netto boerdery-inkomste van die hipotetiese boerdery-eenheid vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	99
Tabel 5.5	Boerderywins van die hipotetiese boerdery-eenheid vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	102
Tabel 5.6	'n Vergelyking tussen die gewasopvolgingstelsels op grond van jaarlikse boerderywinste (1983-pryse)	107
Tabel 5.7	Totale huidige waardes van die jaarlikse boerderywinssyfers vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1960 - 1983)	113
Tabel 5.8	Interne opbrengskoerse van die verskillende gewasopvolgingstelsels vir die tydperk 1960 tot 1983	118
Tabel 5.9	Variasie in boerderymarge bo veranderlike koste en die vermoë van die boerdery-eenheid om jaarlikse vaste verpligtinge na te kom vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	120
Tabel 5.10	Waarskynlikheid van 'n tekort vir elke gewasopvolgingstelsel met verskillende skuldposisies	123



## LYS VAN FIGURE

	Bladsy	
Figuur 3.1	Substreke van die Vrystaatstreek	31
Figuur 3.2	Redelike homogene boerderygebiede van die Middel-Vrystaat-substreek	33
Figuur 3.3	Landtipes van die RHB-gebied 4051	34
Figuur 3.4	Jaarlikse reënval te Glen vir die tydperk 1922 tot 1983	38
Figuur 3.5	Frekwensieverdeling van jaarlikse reënval te Glen (1922 tot 1983)	39
Figuur 3.6	Gemiddelde maandelikse reënval te Glen (1922 tot 1983)	42
Figuur 3.7	Skematiese voorstelling van die verskillende gewasopvolgingstelsels op 'n hipotetiese boerdery-eenheid	63
Figuur 4.1	Verwantskap tussen gemete en berekende langbraakkoringopbrengste te Hebron vir 4 afsonderlike jare	74
Figuur 4.2	Verwantskap tussen gemete monokultuur- en berekende langbraakkoringopbrengste te Hebron vir die tydperk 1974 tot 1983	78
Figuur 5.1	Berekende monokultuur- en langbraakkoringopbrengste op die hipotetiese boerdery-eenheid (1960 tot 1983)	86
Figuur 5.2	Berekende monokultuur- en langbraakmielieopbrengste op die hipotetiese boerdery-eenheid (1960 tot 1983)	89

## LYS VAN BYLAES

	Bladsy
Bylae A Maandelikse reënval te Glen vir die tydperk 1922 tot 1983	133
Bylae B Grondinventaris van Landtipe Ca 8	135
Bylae C Direk allokeerbare veranderlike kostes vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	136
Bylae D Veranderlike trekker- en implementkoste vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	143
Bylae E Vaste voertuig- en werktuigkoste vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	150
Bylae F Uitstaande skuldbegrotings vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	157
Bylae G Jaarlikse boerderywinste vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1983-pryse)	165
Bylae H Huidige waardes van jaarlikse boerderywinste vir die verskillende gewasopvolgingstelsels	172

## H O O F S T U K 1

## INLEIDING

Alhoewel die Koringraad in die korttermyn bekommerd is oor koring-surplusse wat teen 'n verlies uitgevoer moet word (Cillie, 1983), is daar by landboueiers redelik eenstemmigheid oor die feit dat Suid-Afrika se koringproduksie, in die lig van bevolkingsaanwasprojeksies, oor die langtermyn sal moet styg (Jacobs, 1984 en Joubert, 1984). 'n Styging in koringproduksie kan slegs verkry word deur 'n hoër opbrengs per eenheidsoppervlakte of deur addisionele grond vir koringproduksie aan te trek. Die fisiologiese eienskappe van die koringplant, klimatologiese beperkings in Suid-Afrika en die ekonomie van koringverbouing sal die aantrekking van addisionele grond vir koringverbouing grootliks beïnvloed. In die lig hiervan sal dit van die koringprodusent verwag word om die doeltreffendheid van koringproduksie te verhoog en opbrengspeile bokant die huidige gemiddelde van 1,3 ton per hektaar te verkry (Joubert, 1984). Hiervoor is volgehoue navorsing en voorligting, asook gesonde bestuurspraktyke noodsaaklik.

Die Vrystaat is die belangrikste koringproduserende gebied in Suid-Afrika. Sedert die 1973/74-seisoen was die Vrystaat verantwoordelik vir ongeveer 51% van die land se koringproduksie (Koringraad, 1984). Die gebied rondom en wes van Bloemfontein het eweneens die afgelope aantal jare sterk na vore getree as 'n koringproduserende gebied. Gedurende die 1972/73-seisoen het ongeveer 14% van die Vrystaat se koringproduksie uit hierdie gebied gekom, terwyl hierdie syfer vir die 1981/82-seisoen ongeveer 26% was (Koringraad, 1983). Wat hierdie prestasie merkwaardig maak, is die feit dat hierdie 'n somerreënvalgebied is, met 'n relatief lae reënval van 400 tot 600 mm per jaar. Omdat weinig of geen reën gedurende die wintermaande (Mei tot Augustus) val nie, berus die suksesvolle verbouing van 'n wintergewas soos koring op die doeltreffende opgaring van vog gedurende die reënmaande. Die koringplant is aangewese op hierdie gestoorde vog totdat die eerste lentereëns gedurende September, of selfs eers in Oktober, val. Van Jaarsveld (1973) het gevind dat 82% van die koringopbrengs naby Bloemfontein deur die reënval gedurende die laaste drie maande voor planttyd (Februarie tot April) verklaar word.

Tot onlangs was dit die algemene praktyk om koring aanhoudend op dieselfde grond te verbou, met 'n braakperiode (dit is die periode waartydens daar geen gewas op die grond verbou word

nie) van vier tot vyf maande tussen opeenvolgende koringaanplantings. Hierdie aanhoudende koringverbouing op dieselfde grond het egter aanleiding gegee tot 'n toename in die voorkoms van wortelsiektes en onkruidprobleme (Van Aswegen en De Jager, 1980). Om hierdie probleme die hoof te probeer bied, het sommige boere begin om 'n somergewas in die produksiestelsel in te skakel. Koringaanplantings is dus voorafgegaan deur 'n braakperiode van tien maande, terwyl somergewasaanplantings (hoofsaaklik mielies) voorafgegaan is deur 'n braakperiode van twaalf maande. Met behulp van praktykstudies by boere in hierdie gebied, is bewys dat 'n gemiddelde opbrengsverhoging van 70% by koring en 30% by mielies met hierdie produksiestelsel verkry kan word (De Jager, 1980). Opbrengsverhogings van tot 250%, vergeleke met die opbrengs na 'n konvensionele braakperiode van vier maande, is verkry (Van Aswegen en De Jager, 1980). Die vermoede word deur De Jager (1980) uitgespreek dat bogenoemde opbrengsverhogings verkry is omdat meer vog opgegaan, wortelsiektes verminder en grondvrugbaarheid opgebou word.

Met verloop van tyd is verskeie ander produksiestelsels (ook genoem wisselbou- of gewasopvolgingstelsels) geïdentifiseer en toegepas. Die lengte van die braakperiode het gewissel vanaf vier maande (sogenaamde kortbraak) tot sestien maande (sogenaamde langbraak). Die hoeveelheid oeste wat verkry kon

word het gewissel vanaf een oes per jaar, in die geval van die kortbraak, tot een oes in twee jaar, in die geval van langbraak. Die toepassing van 'n bepaalde gewasopvolgingstelsel kan dus 'n positiewe sowel as 'n negatiewe impak op fisiese opbrengs hê, deurdat dit enersyds die opbrengs per eenheidsoppervlakte en andersyds die getal oeste per tyds-eenheid op 'n spesifieke oppervlakte grond beïnvloed. Buiten die feit dat die onderskeie gewasopvolgingstelsels verskil met betrekking tot veranderlike insetbehoefte, bestaan die vermoede ook dat wesenlike verskille in kapitaal-, arbeids- en bestuursbehoefte voorkom (Van Aswegen, 1984).

Die vraag wat nou met reg deur die boer gevra kan word, is of die braaklê van akkerbougrond ekonomies regverdigbaar is, en indien wel, watter gewasopvolgingstelsel(s) die beste finansiële/ekonomiese resultaat sal lewer? Suid-Afrikaanse skrywers soos Wicht, Loubser en Landman (1978), Straus (1980) en Bosman (1983), asook die persone wat betrokke by bogenoemde praktykstudies was (De Jager, 1980), het pogings aangewend om die braaklê van lande ekonomies te evalueer. 'n Ernstige tekortkoming wat in al hierdie gevalle voorkom, is die feit dat berekenings slegs tot op bruto marge-vlak gedoen word. Geen aandag is egter gegee aan oorhoofse koste-aspekte nie. Verder is dit ook te betwyfel of die veronderstelde opbrengsverwantskappe jaar vir jaar dieselfde sal bly, ongeag

variasie in klimaatsomstandighede. Volgens Human (1984) en Van Aswegen (1984) is dit 'n aanvaarde feit dat die voordelige effek van koringverbouing op braaklande neig om kleiner te wees in jare met gunstige klimaatsomstandighede, en andersom. 'n Verdere rede waarom bogenoemde berekenings nie voldoende is nie, is omdat weinig of geen aandag aan risiko-aspekte gegee is nie. In die geval van Wicht, Loubser en Landman (1978) word wel melding gemaak van die feit dat koring na braak 'n stabielere inkomste as aanhoudende koring lewer, maar dit kwantifiseer nie die riskantheid van aanhoudende koring versus koring na braak nie.

Dit is dus duidelik dat bogenoemde vraag nog nie bevredigend, indien enigsins, deur navorsers beantwoord kon word nie. Die probleem word verder vererger deurdat baie min navorsing op hierdie terrein in Suid-Afrika gedoen is. Huidige kennis ten opsigte van wisselbou in die Vrystaat berus hoofsaaklik op oorsese resultate en op ongekontroleerde en geïsoleerde binnelandse navorsingsaksies, waarvan bogenoemde praktyk-studies 'n goeie voorbeeld is. In die lig hiervan, het lede van die Bloemfonteinse Distriksboere-unie ernstige versoë tot landbounavorsers in hierdie gebied gerig om navorsingsaksies te loods wat wisselbou- en braaklandstelsels kan ondersoek en uitsluitel verkry kan word oor die ekonomiese resultate wat bereik kan word met die toepassing van bepaalde

gewasopvolgingstelsels.

Verskeie landbou-instansies het hierop gereageer en kennis word gedra van ten minste drie navorsingsprojekte wat tans in die Bloemfontein-gebied uitgevoer word. Hierdie navorsing is egter nog nie baie lank aan die gang nie en ekonomies-interpreteerbare resultate sal nie baie gou beskikbaar wees nie want sulke navorsing behoort te strek oor 'n tydperk wat beide gunstige en ongunstige gewasproduksiejare insluit. Tot tyd en wyl voldoende resultate beskikbaar is, word die gewasprodusent gelaat met onbeantwoorde vrae, en dit in 'n tyd waarin die boer juis deur ekonomiese vraagstukke soos inflasie, hoë rentekoerse en buitensporige hoë grondpryse gekonfronteer word. In die lig hiervan is besluit om 'n poging aan te wend om voorlopige antwoorde aan die boer te verskaf met betrekking tot die ekonomiese resultate wat bereik kan word met die toepassing van bepaalde gewasopvolgingstelsels.

Die breë doel van hierdie studie is dan:

Om te bepaal watter voordele en nadele met die toepassing van wisselbou- en braaklandstelsels bereik kan word en om die ekonomie van bepaalde gewasopvolgingstelsels te bepaal en met mekaar



te vergelyk, ten einde die beste stelsel te identifiseer.

Om die moontlike voordele en nadele van wisselbou- en braaklandstelsels te bestudeer, is 'n literatuurstudie rondom hierdie onderwerp in Hoofstuk 2 gedoen. In die proses is hoofsaaklik van buitelandse literatuur gebruik gemaak. In Hoofstuk 3 is die ondersoekgebied afgebaken en beskryf ten einde die riskantheid van gewasproduksie in die betrokke gebied te bepaal. Sodoende kon die toepasbaarheid van buitelandse navorsingsresultate op die ondersoekgebied bepaal word. 'n Volledige beskrywing van die spesifieke gewasopvolgingstelsels wat tydens die studie ondersoek sal word, is ook in hierdie hoofstuk gegee.

Weens die gebrek aan navorsingsresultate oor hierdie onderwerp, moes 'n metode ontwerp word om opbrengsdata vir die doeleindes van hierdie studie te genereer. Die prosedure waarvolgens die noodsaaklike inligting vir hierdie studie ingesamel is, word in Hoofstuk 4 uiteengesit. Die ingesamelde inligting word in Hoofstuk 5 bespreek en daarna ekonomies ontleed. Tydens die ekonomiese evaluasie is spesifiek gekonsentreer op die langtermyn finansiële resultate en riskantheid van die gewasopvolgingstelsels wat ondersoek is. Die verskillende stelsels is hiervolgens met mekaar

vergelyk en in 'n rangorde van aanneemlikheid geplaas. In Hoofstuk 6 is die belangrikste resultate van die studie saamgevat en is daar tot sekere gevolgtrekkings gekom.

## H O O F S T U K 2

## LITERATUUROORSIG

## 2.1. Ontstaan van wisselbou

Wisselbou ("crop rotation") kan gedefinieer word as 'n stelsel waarvolgens verskillende gewasse in 'n bepaalde volgorde op dieselfde grond verbou word (Kipps, 1970). In teenstelling hiermee staan die aanhoudende verbouing van dieselfde gewas jaar na jaar op dieselfde stuk grond bekend as monokultuur. Volgens Martin, Leonard en Stamp (1976) dateer moderne wisselbou terug tot die jaar 1730 toe die bekende Norfolk vierjaarwisselboustelsel, bestaande uit rape, gars, klawer en koring, in Engeland ontwikkel is. Heelwat navorsing het hierop gevolg. By Rothamsted in Engeland is wisselboustelsels toegepas wat vir 'n tydperk van meer as 100 jaar uitgevoer is, terwyl navorsing ook in die Amerikaanse state Pennsylvania, Ohio, Illinois, en Missouri uitgevoer is. Smika (1970) berig oor braakland-eksperimente in die staat Nebraska (VSA) wat sedert 1940 aan die gang is en Leppan en Bosman (1923) maak melding van wisselbou-eksperimente in Suid-Afrika by die Landboukollege Potchefstroom gedurende die tydperk van 1916 tot 1918.

## 2.2 Redes vir wisselbou

Volgens Kipps (1970) en Wolfe en Kipps (1953) kan die volgende voordele in 'n mindere of meerdere mate met behulp van 'n goedbeplande wisselboustelsel verkry word:

- (i) Beheer van onkruid, insekte en siektes;
- (ii) Voorsiening van organiese materiaal aan die grond;
- (iii) Voorsiening van stikstof aan die grond;
- (iv) Besparing van arbeid;
- (v) Beter besetting van die grond gedurende die jaar;
- (vi) Bied geleentheid vir gewaswisseling;
- (vii) Reguleer die onttrekking van plantvoedingstowwe uit die grond;
- (viii) Sistematiseer boerdery-aktiwiteite;
- (ix) Verhoog gewasopbrengste; en
- (x) Verbeter gewaskwaliteit.

Heady en Jensen (1954) beskou die volgende punte as belangrike doelwitte wat deur wisselbou nagestreef kan word:

- (i) Voorkoming van gronderosie;
- (ii) Instandhouding van grondvrugbaarheid;

- (iii) Beheer van onkruid, siektes en plae;
- (iv) Bevordering van grondreinerings;
- (v) Verspreiding van arbeids- en meganisasiebehoefte oor die jaar;
- (vi) Voorsiening van veevoere;
- (vii) Vermindering van risiko en onsekerheid;
- (viii) Voorsiening van kontantinkomste deur die jaar;
- (ix) Aanpassing van produksiestelsels by reënvalbeperkings en vogbehoefte;
- (x) Gebruik van grond vir die produksie van die mees winsgewende gewasse;
- (xi) Inskakeling van grondopbouwende gewasse; en
- (xii) Keuse van gewasse wat die beste aangepas is by elke grondtipe.

Volgens Gupta (1975) behoort wisselbou die volgende voordele in te hou:

- (i) Handhawing en verbetering van grondvrugbaarheid;
- (ii) Verhoed van die opbou van peste, onkruid en grondgedraagde siektes;
- (iii) Beheer van gronderosie;
- (iv) Versekering van 'n gebalanseerde werksprogram dwarsdeur die jaar;
- (v) Stabilisering van inkomste; en

(vi) Oordraging van vog van een seisoen na die ander.

Omdat daar 'n groot mate van oorvleueling tussen bogenoemde en ander bronne voorkom, word die voordele van wisselbou eenvoudigheidshalwe gereduseer tot sewe belangrike voordele, wat vervolgens breedvoeriger bespreek word.

### 2.2.1 Beheer van onkruid, plae en siektes

Wisselbou is een van die beste maniere om onkruid mee te beheer. In die VSA is vasgestel dat minder as 30 van die 1200 onkruidspesies in die land onbepaald sal bly voortleef indien wisselbou toegepas word (Kipps, 1970). In die Sentaal-Vrystaat is gevind dat daar 'n merkbare afname in die voorkoms van wildehawer in koringlande is, indien koring met mielies afgewissel word (Van Aswegen, 1984). Dit is begryplik in die lig van die uitspraak van Du Plessis en Van der Merwe (1980) dat wildehawer se saadproduksie die saadverlies altyd in 'n monokultuur sal oorskry. Baie insekte en plae het 'n nadelige effek op spesifieke gewasse, terwyl dit weinig of geen invloed op ander gewasse het nie. Deur wisselbou toe te pas, word die gasheer waarop die insekte en die organismes wat siektes veroorsaak floreer, verwyder en gevolglik kan insekpopulasies en die voorkoms van siektes binne perke gehou

word (Van Eeden, 1979). Scott (1984) bevestig dan ook dat vrotpootjie en kroonvrot by koring die beste beheer word deur koring slegs op ruslande na koring of mielies te plant.

### 2.2.2 Hou grondvrugbaarheid in stand

Wisselbou kan op verskeie maniere bydra tot die instandhouding (en selfs verbetering) van grondvrugbaarheid. In Missouri (VSA) is gevind dat 'n gemiddelde verlies van 30% in organiese materiaal by gronde onder 'n goeie wisselboustelsel oor 'n termyn van 60 jaar voorgekom het, terwyl die verlies sonder 'n wisselboustelsel gemiddeld 69% was (Kipps, 1970). Dieselfde skrywer verwys ook na navorsing by die Ohio Landbounavorsing-stasie wat aangetoon het dat gronde waarop 'n wisselboustelsel van mielies, hawer en groenvoer gevolg is, 75% meer stikstof bevat het as gronde waarop vir 15 jaar aanhoudend mielies verbou is. In die suide van die VSA is gevind dat wisselboustelsels sonder 'n peulgewas steeds lae opbrengste gelewer het as gevolg van 'n stikstoftekort. Die inskakeling van 'n peulgewas in die wisselboustelsel het veroorsaak dat katoenproduksie met 320%, hawerproduksie met 30% en mielieproduksie met 100% gestyg het (Martin, et al., 1976).

Omdat beide vlakgewortelde en diepgewortelde gewasse in 'n wisselboustelsel ingeskakel kan word, en omdat gewasse ook verskil ten opsigte van hulle plantvoedingstofbehoefte, kan dit gestel word dat 'n goedbeplande wisselboustelsel voorsiening maak vir 'n meer gebalanseerde benutting van grondvoedingstowwe. Vlakgewortelde gewasse kan voordeel trek uit die reste van diepgewortelde gewasse, wat voedingstowwe opneem het uit grondlae wat nie deur die vlakgewortelde gewasse bereik kan word nie (Leppan & Bosman, 1923). Diepgewortelde gewasse verbeter ook die fisiese toestand van die grond (Martin, et al., 1976). Dit mag egter nie uit die oog verloor word nie, dat die groter opbrengste wat deur middel van wisselbou verkry word, aanleiding gee tot groter onttrekkings van plantvoedingstowwe as wat die geval sou wees met 'n enkele gewas (Kipps, 1970).

### 2.2.3 Verhoed gronderosie

In lae reënval gebiede gee wind- en watererosie aanleiding tot ernstige verliese van grond en plantvoedingstowwe indien die grond nie beskerm word deur 'n groeiende gewas of gewasreste nie. In Missouri (VSA) het 'n 5-jaar-eksperiment aangetoon dat met 'n mielie-koring-klawer-wisselboustelsel 'n grondverlies van slegs 11 ton per akker gelei is, in verge-



lyking met 'n mieliemonokultuurstelsel waar die grondverlies 69 ton per akker was (Cox & Jackson, 1948). In Iowa (VSA) is gevind dat die reënvalverlies vir die tydperk 1933 tot 1942 2,3 keer meer en die grondverlies 5,32 keer meer met 'n mieliemonokultuurstelsel, as met 'n 3-jaar-wisselboustelsel van mielies, hawer en klawer was (Kipps, 1970).

#### 2.2.4 Verspreiding van arbeids- en meganisasiëbehoefte

'n Wisselboustelsel stel die boer in staat om pieke in arbeids- en meganisasiëbehoefte minder hewig te maak, deur dat arbeid en masjinerie meer eweredig oor die jaar benut word. Die aantal arbeiders in diens en die belegging in masjinerie kan gevolglik laer wees vir sekere wisselboustelsels. Dit dien egter genoem te word dat daar wisselboustelsels is wat spesialisasiëtoerusting benodig, met 'n gevolglike verhoging in kapitaalligging. Alternatiewe tot eienaarskap, soos die huur van spesialisasiëtoerusting, kan hierdie probleem egter uitskakel. Die inskakeling van arbeidsintensiewe vertakkings in 'n wisselboustelsel kan eweneens aanleiding gee tot groter arbeidsbehoefte. Dit kan ook grootliks voorkom word deur losarbeid tydens piektye in diens te neem.

### 2.2.5 Vermindering van risiko en onsekerheid

'n Effektiewe metode om risiko en onsekerheid tydens droë-landgewasproduksie die hoof te bied, is om 'n langtermyn-wisselboustelsel te volg, sodat dit die variasie in inkomste kan verminder en kan dien as buffer teen algehele misoeste (Heady & Jensen, 1954). Omdat alle gewasse nie dieselfde beïnvloed word deur spesifieke omstandighede soos droogtes, ryp, hael, insekte en siektes nie, moet daar by die keuse van gewasse nie net op winsgewendheid gelet word nie, maar moet ook aandag gegee word aan die riskantheid van die betrokke gewasse.

### 2.2.6 Verhoging van gewasopbrengste

In die literatuur word feitlik deurgaans melding gemaak van hoër graanopbrengste by gewasse wat in 'n wisselboustelsel, eerder as in monokultuur verbou word. Navorsing wat van 1851 tot 1919 by die Rothamsted Experimental Station in Engeland uitgevoer is, het aangetoon dat koring in 'n 4-jaar-wisselboustelsel saam met rape, gars en klawer (en sonder enige kunsmistoediening) ongeveer 95% hoër opbrengste opgelewer het as koring wat in monokultuur (ook sonder kunsmis) verbou is. In die geval waar kunsmis wel toegedien is, was die verhoging

in opbrengs by die wisselboukoring slegs ongeveer 38% (Martin, et al., 1976).

Navorsing by die Illinois Experimental Station het aangetoon dat mielies in wisselbou met klawer en hawer gedurende die tydperk 1888 tot 1935 dubbeld die opbrengs gelewer het, as wat met monokultuurmielies op dieselfde grond verkry is (Cox & Jackson, 1948). Kipps (1970) maak melding van soortgelyke eksperimente wat in Missouri (VSA) uitgevoer is. Mielies, hawer en koring is in 'n 4-jaar-wisselboustelsel verbou met gemiddelde opbrengste van 39 sakke mielies per akker, 28 sakke hawer per akker en 24 sakke koring per akker. Waar hierdie gewasse onder monokultuurtoestande verbou is, was die opbrengste 21 sakke mielies per akker, 17 sakke hawer per akker en 10 sakke koring per akker.

In teenstelling met bostaande resultate, verwys Castle, Becker en Smith (1972) na resultate wat by ses lokaliteite in Iowa (VSA) verkry is met mielies in wisselbou en monokultuurmielies. Hierdie resultate het daarop gedui dat monokultuurmielies vir die tydperk 1953 tot 1958 'n gemiddelde opbrengs van 98% van dié van wisselboumielies gerealiseer het. Volgens Trisdale en Nelson (1966) is dit onvoldoende stikstoftoediening wat meebring dat monokultuurmielies swak vertoon teenoor mielies in wisselbou met peulgewasse. Hierdie skry-

wers meen dat monokultuurmielies onder hoë opbrengstoestande slegs ongeveer 15% swakker is as mielies in wisselbou. In ooreenstemming hiermee het Nel (1978) by Pretoria gevind dat eenjarige wisselgewasse geen betekenisvol voordelige of nadelige invloed op daaropvolgende mieliegraanoeste gehad het, waar plantvoedingstowwe genoegsaam voorsien word nie.

#### 2.2.7 Verbetering van gewaskwaliteit

Volgens Kipps (1970) veroorsaak dieselfde faktore wat opbrengste verhoog, dat gewaskwaliteit ook verhoog en daarom is gewasopbrengste in 'n wisselboustelsel dikwels van 'n hoër kwaliteit as dié wat in monokultuur verkry is. Hierdie skrywer verwys na eksperimente wat met kunsmistoediening uitgevoer is, waar die persentasie bemerkbare mielies 86,4% in 'n wisselboustelsel was, terwyl slegs 71,41% van mielies wat in monokultuur verbou is, bemerkbaar was.

#### 2.3 Die samestelling van 'n wisselboustelsel

Volgens Heady en Jensen (1954) bestaan 'n wisselboustelsel uit twee tipes gewasse, naamlik:

- (i) 'n Hoofdoelgewas, wat verbou word vir sy inkomste; en
- (ii) 'n Wisselboudoelgewas, wat verbou word weens die effek wat die gewas op die produksie van die hoofdoelgewasse het.

Grond en klimaat is die basiese kragte wat 'n rol speel by die keuse van 'n wisselboustelsel. Ander oorwegings wat ook nog 'n rol kan speel by die samestelling van die mees winsgewende wisselboustelsel, is volgens Heady en Jensen (1954):

- (i) Die verwantskap tussen die verskillende gewasvertakkings,
- (ii) Die relatiewe pryse van die verskillende gewasprodukte,
- (iii) Die produksiekoste per akker,
- (iv) Arbeids- en kapitaalbehoefte,
- (v) Die seisoenale verspreiding van beskikbare arbeid en masjienkrag,
- (vi) Die lewende hawe-program,
- (vii) Risikos en onsekerhede wat deur die ondernemer gedra kan word,
- (viii) Die besitreg waaronder die onderneming bedryf word,
- (ix) Die ondernemer se inkomstebehoefte,
- (x) Die ondernemer se kapitaalbehoefte, en
- (xi) Diverse oorwegings, soos byvoorbeeld die persoonlike

voorkeure van die ondernemer.

Volgens Kipps (1970) bestaan daar minstens drie verwantskappe tussen gewasse in 'n wisselboustelsel, naamlik:

- (i) Kompeterende verwantskappe, waar die een gewas ten koste van die ander verbou word;
- (ii) Komplementêre verwantskappe, waar die een gewas ten gunste van 'n ander gewas verbou word; en
- (iii) Supplementêre verwantskappe, waar die een gewas geen invloed op die ander gewas uitoefen nie.

Elkeen van die bostaande verwantskappe het spesifieke ekonomiese implikasies op die totale inkomste wat met 'n bepaalde wisselboukombinasie gerealiseer kan word (Heady & Jensen, 1954).

#### 2.4 Braaklê van lande

In baie gevalle veroorsaak die toepassing van 'n bepaalde wisselboustelsel die noodwendige ontstaan van 'n braakperiode. In sommige gevalle word lande doelbewus braak gelê vir bepaalde redes. In die VSA word lande gedurende die somer braak gelê om vog te bewaar, nitrifikasie te bevorder en onkruid te beheer (Martin, et al., 1976). Dit wil dus voorkom

of sommige van die voordele wat deur wisselbou verkry word, ook deur die braaklê van lande behaal kan word. Braaklê van lande (sogenaamde "fallow") is algemene praktyk in die semi-ariëde gedeeltes van die VSA, waar die jaarlikse neerslag minder as 375 mm is.

Leonard en Martin (1963) verwys na resultate in die westelike gedeelte van Kansas (VSA), wat daarop dui dat aansienlike hoër opbrengste met winterkoring op braaklande verkry kan word, as wat met die jaarlikse verbouing van koring op dieselfde grond moontlik is (kyk Tabel 2.1). Volgens hierdie skrywers is die reënval heelwat laer by Colby en Garden City as by Hays, waaruit die afleiding gemaak kan word dat die opbrengsvoordeel wat deur middel van braaklandkoringverbouing verkry kan word, veral in gebiede met 'n lae reënval van belang is.

Tabel 2.1: Gemiddelde opbrengste van koring by drie navorsingstasies in Kansas (VSA)

Plek	Periode	Koringopbrengs (sakke/akker)	
		Monokultuur	Na braak
Colby	1915 tot 1950	8,9	17,6
Garden City	1929 tot 1944	8,3	16,6
Hays	1908 tot 1945	16,4	22,5

Bron: Leonard en Martin, 1963.

In Suid-Dakota (VSA), waar die reënval ongeveer 400 mm per jaar is, het winterkoring 109% en lentekoring 74% hoër opbrengste gelewer as monokultuurkoring (Martin, et al., 1976). Smika (1970) doen verslag oor 'n studie in die staat Nebraska (VSA), 'n semi-ariëde gebied met 'n jaarlikse somerreënval van ongeveer 430 mm, waarin vasgestel is dat die opbrengs van winterkoring na 'n lang braakperiode ongeveer drie keer hoër is as dié van monokultuurwinterkoring met 'n kort braakperiode. Daar is ook gevind dat koring op braaklande 'n stabiele produksiepatroon sonder enige misoeste meebring, terwyl monokultuurkoring in 10 uit elke 27 jaar 'n misoes tot gevolg gehad het.



Min navorsing is op hierdie gebied in Suid-Afrika gedoen. Resultate wat in die Swartland deur Wicht, Loubser en Landman (1978) verkry is, het daarop gedui dat koring in 'n braaklandstelsel 'n opbrengsverhoging van 21,5% teenoor koring in monokultuur behaal. Die resultate waarna Van Aswegen en De Jager (1980), Straus (1980) en Gilbert (1981) verwys het, is nie wetenskaplik verkry nie en kan gevolglik nie in dieselfde asem as bogenoemde navorsingsresultate genoem word nie.

Dit is reeds genoem dat braakstelsels gebruik word om vog in die grond te stoor. Mathews en Army (1960) het op 25 lokaliteite in die "Great Plains" van die VSA gevind dat by koringverbouing gemiddeld 99 mm vog gedurende die lang braakperiode van 'n braaklandstelsel in die grond gestoor is, terwyl slegs 50,5 mm vog gedurende die kort braakperiode van die monokultuurstelsel gestoor is. Volgens Martin, et al. (1976) word gemiddeld 15 tot 31% van die neerslag gedurende die braakperiode in die gronde van droëlandboerderygebiede van die VSA gestoor. Die belangrikheid van gestoorde grondvog in marginale gewasproduksiegebiede word deur Masseur en Cary (1978) beklemtoon. Hierdie skrywers meen dat produksie in die marginale gebiede van die VSA met ongeveer 25% sal styg indien slegs 10% van die waterverlies addisioneel in die

grond gestoor kan word.

Onkruidbeheer en grondbewerkings tydens die braakperiode is van allergrootste belang vir die doeltreffende opgaring van vog en die beheer van gronderosie. Tydens die braakperiode is die grondoppervlakte normaalweg nie bedek deur 'n groeiende gewas nie, en kan gronderosie ernstige probleme oplewer. Tydens die vyfjaareksperiment in Missouri (waarna reeds vroeër verwys is) is gevind dat die grondverlies op braaklande 113 ton per akker was, wat ongeveer 927% meer was as die grondverlies op lande wat deur 'n wisselboustelsel benut is (Cox & Jackson, 1948). Een of ander vorm van grondbedekking tydens braakperiodes is dus noodsaaklik vir die bekamping van gronderosie. Om hierdie probleem te probeer die hoof bied, het baie boere in die VSA 'n stoppeldeklaagbewerkingstelsel ("stubble-mulch") toegepas, waar die stoppels van die vorige koringoes bo-op die grond gelaat word om te dien as beskerming teen vogverliese en gronderosie. Hierdie bewerkingstelsel het egter ook sekere nadele ingehou. Volgens Harris (1963) is bepaal dat die volgende aspekte die toepassing van deklaagbewerking beperk:

- (i) Groter onkruidprobleme onder sekere omstandighede;
- (ii) Groter voorkoms van sekere insekte, en
- (iii) Verminderde nitraatvorming.

Omdat die voorkoms van onkruid gedurende die braakperiode vogverliese en laer gewasopbrengste veroorsaak (Oveson & Appleby, 1971), moes 'n oplossing vir die onkruidprobleem by die stoppeldeklaagbewerkingstelsel verkry word. Die probleem is opgelos deur van chemiese onkruidodders gebruik te maak. Barnes en Bohmont (1955) het gevind dat grond wat met 'n chemiese deklaagbewerkingstelsel bewerk is, 216% meer water opgeneem het as geploegde grond en 250% meer water opgeneem het as diepbewerkte grond. Wiese en Army (1958) het ook vasgestel dat so 'n chemiese deklaagbewerkingstelsel meer plantreste beskikbaar het vir die bekamping van winderosie, terwyl Army, Wiese en Hanks (1961) vasgestel het dat die groter hoeveelheid plantreste wat by hierdie stelsel beskikbaar is, grootliks daartoe bydra dat die boonste grondlaag stadiger afdroog.

Die nuutste ontwikkeling op hierdie gebied is die ontwikkeling van die sogenaamde "eco-fallow"-stelsel, wat 'n minimum-bewerkingstelsel is waarin onkruid chemies beheer word vanaf die lente-oes tot en met die einde van die volgende lente. Daarna word 2 of 3 bewerkings tot aan die einde van die braakperiode uitgevoer. In Colorado (VSA) is hierdie stelsel vergelyk met 'n stelsel waar lentebewerkings onmiddellik na die oestyd uitgevoer is. By die "eco-fallow"-stelsel is 15

tot 25% hoër opbrengste as by die ander stelsel verkry, sowel as 'n afname in die voorkoms van erosie (Greb & Zindahl, 1980).

Ten spyte van bogenoemde positiewe punte van bewerkingstelsels met chemiese onkruidbeheer, moet die moontlike nadelige effekte van chemiese onkruidbeheer nie uit die oog verloor word nie. Klingman (1961) beweer dat die onoordeelkundige gebruik van chemiese onkruidodders in ariede gebiede die mikro-organismes in die grond kan vernietig, die adsorpsie van grondkolloïde kan versteur en toksiese vlakke vir sommige gewasse kan bereik.

Ten opsigte van grondvrugbaarheid speel braaklandstelsels beide 'n positiewe en 'n negatiewe rol. Gunstige vog- en temperatuurstoestande tydens die braakperiode is bevorderlik vir nitrifikasie, sodat aansienlike hoeveelhede nitraatstikstof aan die daaropvolgende gewas beskikbaar gestel word. Aan die ander kant veroorsaak gronderosie, wat ten spyte van moderne bewerkingsmetodes steeds 'n probleem op braaklande is, dat organiese materiaal en fyn gronddeeltjies weggevoer word. In die proses word plantvoedingstofverliese gelei (Martin, et al., 1976). Gupta (1975) meen dat die organiese materiaalinhoud van die grond by 'n braaklandstelsel vinniger sal verminder as in die geval van 'n monokultuurstelsel.

## 2.5 Die plek van monokultuur

Die voortdurende verbouing van 'n spesifieke gewas op dieselfde land kan natuurlik ook voordele inhou. Trisdale en Nelson (1966) beskou die volgende punte as redes vir die volg van 'n monokultuurstelsel:

- (i) Monokultuur is moontlik meer winsgewend as wisselbou;
- (ii) Die grond is moontlik meer geskik vir die verbouing van 'n spesifieke gewas;
- (iii) Die klimaat kan die verbouing van 'n spesifieke gewas bevoordeel;
- (iv) Masjinerie- en geboukoste is moontlik laer as by wisselbou;
- (v) Die produsent verkies moontlik 'n spesifieke gewas en word 'n spesialis in die verbouing van die betrokke gewas; en
- (vi) Die produsent wil moontlik nie die hele jaar met die boerdery besig wees nie.

Na die mening van Castle, Becker en Smith (1972) word heelwat van die voordele van wisselbou vandag bevraagteken. Hulle

meen ook dat dit 'n probleem is om te kies tussen wisselbou en monokultuur, veral omdat sekere agronomiese feite nog nie aan die mensdom bekend is nie. Volgens laasgenoemde skrywers sal dit onmoontlik wees om alle inkomste en kostes teen mekaar op te weeg, voordat alle agronomiese inligting nie bekend geword het nie.

## 2.6 Opsommend

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat daar wel regverdiging vir binnelandse waarnemings in buitelandse literatuur bestaan. Dit het verder ook na vore gekom dat daar verskeie voor- en nadele met wisselbou- en braaklandstelsels verkry kan word, waarvan die meeste nie in monetêre terme uitgedruk kan word nie. Indien die toepassing van 'n bepaalde wisselbou- of braaklandstelsel 'n verhoging in fisiese opbrengs veroorsaak, kan die finansiële voordeel daarvan maklik bepaal word, maar die finansiële voordeel van 'n vermindering in gronderosie is baie moeilik bepaalbaar, deurdat 'n waarde gekoppel moet word aan die langtermynproduksiepotensiaal wat in die proses bewaar word. Nietemin behoort die meeste voor- en nadele van wisselbou- en braak-

landstelsels deur gerealiseerde opbrengste (aan die uitsetkant) en noodsaaklike boerderypraktyke (aan die insetkant) weerspieël te word. Dit kan dus gestel word dat die voor- en nadele tot 'n sekere mate deur winssyfers weerspieël word. Dit is dan ook die basis waarop hierdie studie uitgevoer gaan word, naamlik dat die voordele van wisselbou en braaklê van lande gekwantifiseer word deur fisiese opbrengste oor die langtermyn en dat enige nadele òf deur fisiese opbrengs òf deur insetbehoefte gekwantifiseer word.

Dit het ook uit die literatuur na vore gekom dat buitelandse navorsingsresultate (veral in die geval van braaklandnavorsing) verkry is in semi-ariëde gebiede. Dit verhoog natuurlik die toepasbaarheid van hierdie resultate op die ondersoekgebied vir hierdie studie, wat vervolgens in die volgende hoofstuk in diepte beskryf word.

## H O O F S T U K 3


## BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED

## 3.1 Inleiding

Die Vrystaatstreek van die Departement van Landbou word verdeel in 5 substreke, naamlik Betsjoeanaland, Gordononia, Griekwaland-wes, Middel-Vrystaat en Suid-Vrystaat (kyk Figuur 3.1). Die Middel-Vrystaat-substreek beslaan ongeveer 2 261 531 hektaar en sluit in die landdrostdistrikte Rouxville, Zastron, Wepener, Dewetsdorp, Excelsior, Winburg, Bloemfontein, Brandfort, Theunissen, Virginia en 'n gedeelte van Boshof, nl. Dealesville (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou en Visserye, 1981). Alhoewel hierdie distrikte almal in een substreek voorkom, beteken dit nie dat hierdie 'n homogene boerderygebied is nie. 'n Aansienlike variasie in landbouproduksiepotensiaal kom voor van suid na noord en van wes na oos. Produksiepotensiaal kan binne 'n bepaalde distrik, asook in 'n bepaalde boerdery-eenheid varieer.

'n Redelike homogene boerderygebied (RHB) kan gedefinieer word as 'n gebied waarvan die landbouhulpbronne van so 'n







FIGUUR 3.1: Substreke van die Vrystaatstreek

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou en Visserye, 1981.

aard is, dat daar binne bodempotensiaalklasse 'n redelike mate van uniformiteit ten opsigte van potensieële boerdery-bedryfstakke, opbrengste en gepaardgaande produksietegnieke heers. 'n RHB word saamgestel uit een of meer landtipes, wat gebiede is met soortgelyke terreinmorfologie, grondassosiasies en makroklimaat (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou en Visserye, 1981). In Figuur 3.2 word die verskillende RHB-gebiede van die Middel-Vrystaat aangetoon. In die gebied rondom Bloemfontein is veral twee RHB-gebiede prominent, naamlik RHB-gebiede 4051 en 4053. Ongeveer 51% van RHB-gebied 4051 is ploegbaar, terwyl slegs 14% van RHB-gebied 4053 ploegbaar is. Vir die doeleindes van hierdie studie sal gevolglik gekonsentreer word op RHB-gebied 4051. Hierdie gebied beslaan ongeveer 253 050 hektaar en bestaan uit twee landtipes, naamlik landtipe Ca 8 en landtipe Ca 22 (kyk Figuur 3.3). Landtipe Ca 8 is by vêre die belangrikste gebied ten opsigte van gewasproduksie, met 'n oppervlakte van ongeveer 164 940 hektaar. Ongeveer 48,6% van hierdie oppervlakte is gronde van die Hutton- en Bainsvlei-vorms, met 'n diepte wat wissel vanaf 450 mm tot 1200 mm. Om die ondersoekgebied so homogeen as moontlik te kry, word die oppervlakte onder bespreking dus gereduseer vanaf die 2 261 531 hektaar van die Middel-Vrystaat-substreek, tot die 164 940 hektaar van landtipe Ca 8.



FIGUUR 3.2: Redelike homogene boederygebiede van die Middel-Vrystaat-substreek.



FIGUUR 3.3: Landtipes van die RHB-gebied 4051

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(a).

Die Navorsingsstasie Glen is ongeveer tussen Bloemfontein en Brandfort en naby die boonste gedeelte van landtipe Ca 8 geleë (kyk Figuur 3.3). Aangesien langtermyn klimatologiese inligting vir Glen geredelik beskikbaar is, is hierdie inligting tydens die studie gebruik synde verteenwoordigend vir die studiegebied te wees. Dit moet egter duidelik gestel word dat die gemiddelde reënval vinnig suidweswaarts afneem vanaf meer as 500 mm per jaar tot minder as 400 mm per jaar. Die resultate en gevolgtrekkings van hierdie studie is dus veral van toepassing op die boonste gedeelte van landtipe Ca 8. Tydens die beskrywing van die studiegebied sal oor die algemeen na landtipe Ca 8 en meer spesifiek na die Navorsingsstasie Glen verwys word. Aspekte waarna verwys sal word is die ligging, klimaat en grond van die ondersoekgebied, sowel as gewasverbouing in die gebied en die spesifieke gewasopvolgingstelsels wat tydens hierdie studie ondersoek sal word.

### 3.2 Ligging

Die weerstasie van Glen is by 28 grade 57 minute suid en 26 grade 20 minute oos op 'n hoogte van 1 304 meter bo see-spieël geleë (Schulze, 1979). Landtipe Ca 8 is ongeveer tussen 28 grade 42 minute en 29 grade 33 minute suid en 25

grade 53 minute en 26 grade 29 minute oos geleë.

### 3.3 Klimaat

Die klimaat van die ondersoekgebied is semi-arië van aard en word vervolgens beskryf deur te verwys na die reënval, temperatuur, sonskynduur, wind en verdamping soos van toepassing op Glen.

#### 3.3.1 Reënval


Reënval is seker een van die mees kritiese klimaatsfaktore met betrekking tot droëlandgewasproduksie. Die hoeveelheid, verspreiding, intensiteit en veranderlikheid van reënval word deur Krynauw (1980) bestempel as fasette van die algehele reënvalpatroon van 'n boerderygebied. Hierdie aspekte word voorts ondersoek deur die jaarlikse, maandelikse en daaglikse reënvalsyfers van Glen te bestudeer. Die reënvalsyfers van Glen vir die periode 1922 tot 1983 verskyn in Bylae A.

### 3.3.1.1 Jaarlikse reënval

'n Grafiese voorstelling van die jaarlikse reënvalsifers van Glen word in Figuur 3.4 gegee. Die gemiddelde jaarlikse reënval vir die periode 1922 tot 1983 is 539,84 mm per jaar (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(c)). Die minimum jaarlikse neerslag is 345,7 mm (gemeet in 1945) en die maksimum jaarlikse reënval is 1 029,5 mm (gemeet in 1943), wat onderskeidelik op 64% en 190,7% van die gemiddelde jaarlikse reënval neerkom. 'n Frekwensieverdeling van jaarlikse reënvalsifers in intervalle van 50 mm verskyn in Figuur 3.5. Die verdeling is negatief skeef, met ander woorde die reënval was in meer as 50% van die jare laer as die jaarlikse gemiddelde reënval. Die waarskynlikheid om in 'n bepaalde jaar 'n ondergemiddelde reënval te ontvang is dus groter as 50%. Die veranderlikheid van die jaarlikse reënval word gemeet deur die koëffisiënt van variasie te bereken. Volgens Schumann, Bouwer en Schoeman (1974) word die koëffisiënt van variasie gedefinieer as:

$$V = \frac{\text{standaardafwyking}}{\text{rekenkundige gemiddelde}} \times 100\%$$


Met 'n standaardafwyking van 138,21 mm is die koëffisiënt van



FIGUUR 3.4: Jaarlikse reënval te Glen vir die tydperk 1922 tot 1983.

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(c).





FIGUUR 3.5: Frekwensieverdeling van jaarlikse reënval te Glen (1922 tot 1983)

variasie in die jaarlikse reënval gelyk aan 25,6%.

Jaarlikse reënvalsyfers kan soms misleidend wees as maatstaf vir suksesvolle droëlandgewasproduksie. Dit is belangrik om ook die verspreiding van jaarlikse reënval, met ander woorde die maandelikse en daaglikse reënval in ag te neem.

### 3.3.1.2 Maandelikse reënval

Die gemiddelde, maksimum, en minimum maandelikse reënval van Glen word in Tabel 3.1 gegee. 'n Grafiese voorstelling van die maandelikse reënval van Glen verskyn in Figuur 3.6.


Hieruit is dit duidelik dat die meeste reën gedurende Oktober tot April val. Die maande met die hoogste gemiddelde reënval is Maart en Januarie, terwyl Junie en Julie die laagste gemiddelde reënval het. 'n Maksimum maandelikse reënvalsyfer van 232,8 mm is in Maart 1948 aangeteken. Slegs in Januarie, Februarie en Desember het dit nog nie gebeur dat geen reën gedurende die maand geval het nie.

Volgens die maandelikse reënvalverspreiding wil dit voorkom of slegs somergewasse met redelike sukses in hierdie gebied verbou kan word en dat die verbouing van wintergewasse nie moontlik is nie. Die reënval neem drasties af vanaf Maart

Tabel 3.1: Maandelikse reënval (in mm) te Glen vir die tydperk 1922 tot 1983.

Maand	Gemiddeld	Maksimum	Minimum
Jan	83,6	217,2	6,9
Feb	75,2	199,9	7,4
Mrt	83,8	232,8	0,0
Apr	51,8	211,3	0,0
Mei	20,5	88,8	0,0
Jun	9,0	53,5	0,0
Jul	9,3	50,3	0,0
Aug	11,0	107,2	0,0
Sep	17,9	109,1	0,0
Okt	42,5	140,6	0,0
Nov	67,5	200,8	0,0
Des	67,9	174,2	2,8

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(c).



FIGUUR 3.6: Gemiddelde maandelikse reënval te Glen (1922 tot 1983)

na April en Mei, wat die tradisionele planttyd van wintergewasse in hierdie gebied is. Tydens die groei- en ontwikkelingsfases van wintergewasse is die neerslag minimaal en styg eers weer in Oktober tot 'n noemenswaardige syfer.

Om die veranderlikheid van maandelikse reënval te bepaal, is die koëffisiënt van variasie vir maandelikse reënval bereken en dit word in Tabel 3.2 aangetoon. Die syfers vir Bethlehem-proefplaas, geleë by 28 grade 10 minute suid en 28 grade 18 minute oos op 'n hoogte van 1 631 meter, word vir vergelykingsdoeleindes ook gegee. By Glen, sowel as by Bethlehem, is die koëffisiënt van variasie besonder hoog vanaf Mei tot Desember. Dit dui dan ook daarop dat die verbouing van gewasse wat gedurende hierdie maande van reënval afhanklik is, uiters riskant is. 'n Vergelyking van die koëffisiënte van variasie in maandelikse reënval van Glen en Bethlehem ten opsigte van die maande November tot Maart, dui verder aan dat somergewasverbouing in die ondersoekgebied baie meer riskant is as in die Oos-Vrystaat.

### 3.3.1.3 Daaglikse reënval

Die maksimum, minimum en gemiddelde neerslag per dag, sowel as die gemiddelde aantal reëndae vir 'n bepaalde maand, is 'n

Tabel 3.2: Koëffisiënt van variasie van maandelikse  
reënval te Glen (1922 - 1983) en te  
Bethlehem (1951 - 1978).

Maand	Koëffisiënt van variasie (%)	
	Glen	Bethlehem
Jan	55,8	51,6
Feb	56,2	45,1
Mrt	63,7	45,0
Apr	75,0	63,8
Mei	97,2	95,9
Jun	146,3	132,7
Jul	146,4	180,4
Aug	185,9	179,4
Sep	151,2	152,1
Okt	69,6	77,4
Nov	67,9	43,3
Des	66,9	50,0

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van  
Landbou, 1984(c).

aanduiding van die intensiteit van reënval. Hoe hoër die intensiteit van die reënval, hoe meer effektief word die grond benat en vogopgaring bevorder, natuurlik totdat 'n punt bereik word waar die intensiteit sodanige afloop veroorsaak dat water verlore gaan en erosie veroorsaak word (Krynauw, 1980).

Volgens Botha (1964) was daar in die 50 jaar tydperk vanaf 1914 tot 1964 gemiddeld 71 reëndae per jaar by Glen. Die gemiddelde, maksimum en minimum reënval per 24 uur vir elke maand word in Tabel 3.3 gegee. 'n Maksimum daaglikse reënvalsyfer van 177.8 mm is in Maart 1949 aangeteken, terwyl dit vanselfsprekend is dat daar in elke maand van die jaar al dae voorgekom het met geen neerslag nie.

Bostaande reënvalbesonderhede dui dus daarop dat beide somer- en wintergewasproduksie in hierdie gebied riskant is. Dit is daarom belangrik dat gewasprodusente in hierdie gebied aandag moet gee aan risikoverminderende aksies soos wisselbou- en braaklandstelsels.

### 3.3.2 Temperatuur

Alhoewel temperatuur nie so 'n groot rol in gewasproduksie

Tabel 3.3: Daaglikse reënval (in mm) te Glen vir die tydperk 1922 tot 1983.

Maand	Gemiddeld	Maksimum	Minimum
Jan	2,7	86,4	0,0
Feb	2,6	77,0	0,0
Mrt	2,7	177,8	0,0
Apr	1,7	58,2	0,0
Mei	0,7	40,6	0,0
Jun	0,3	41,9	0,0
Jul	0,3	38,5	0,0
Aug	0,4	38,0	0,0
Sep	0,6	73,4	0,0
Okt	1,4	55,9	0,0
Nov	2,3	65,5	0,0
Des	2,2	96,0	0,0

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(c).



speel soos reënval nie, is dit tog belangrik om die voorkoms van temperatuuruiterses te bestudeer. Die temperatuurgegewens vir Glen word in Tabel 3.4 aangetoon. Die daaglikse maksimum en minimum temperature (in grade Celsius) is gemeet in 'n Stevenson-skerm op 'n hoogte van 1,2 meter bo die grond.

Die gemiddelde daaglikse temperatuur wissel vanaf  $22.9^{\circ}\text{C}$  in Januarie tot  $8,1^{\circ}\text{C}$  in Julie. Die gemiddelde daaglikse maksimum temperature wissel vanaf  $30,8^{\circ}\text{C}$  in Januarie tot  $17,5^{\circ}\text{C}$  in Junie. Dit is interessant om daarop te let dat slegs in Julie nog nie maksimum temperature hoër as  $30^{\circ}\text{C}$  aangeteken is nie en dat slegs in November, Desember, Januarie en Februarie nog nie maksimum temperature onder  $10^{\circ}\text{C}$  aangeteken is nie. Die hoogste maksimum temperatuur van  $40^{\circ}\text{C}$  is in Januarie 1973 aangeteken, terwyl die laagste maksimum temperatuur van  $4,4^{\circ}\text{C}$  in Julie 1926 aangeteken is. Die gemiddelde daaglikse minimum temperature wissel vanaf  $15^{\circ}\text{C}$  in Januarie tot  $-1,6^{\circ}\text{C}$  in Julie. Hoewel minimum temperature van meer as  $10^{\circ}\text{C}$  reeds in al die maande aangeteken is, is daar nog net in vier maande, naamlik Desember, Januarie, Februarie en Maart, nog nie temperature onder vriespunt aangeteken nie. Die hoogste minimum temperatuur van  $26,1^{\circ}\text{C}$  is in Desember 1948 gemeet en die laagste minimum temperatuur van  $-11,7^{\circ}\text{C}$  is in Julie 1945 gemeet.

Tabel 3.4: Daaglikse temperatuurgegewens (in °C) vir Glen oor die tydperk 1922 tot 1983.

Maand	Gemid. temp.	Maksimum temperatuur			Minimum temperatuur		
		Gemid.	Hoogste	Laagste	Gemid.	Hoogste	Laagste
Jan	22,9	30,8	40,0	17,0	15,1	24,3	3,3
Feb	22,0	29,4	37,6	13,4	14,6	21,4	3,6
Mrt	19,8	27,2	36,7	7,6	12,4	21,0	1,4
Apr	15,6	23,7	36,2	8,4	7,6	18,2	- 5,0
Mei	11,5	20,3	35,6	6,1	2,6	16,3	- 7,8
Jun	8,2	17,5	36,9	4,5	- 1,1	12,3	-10,8
Jul	8,1	17,7	26,1	4,4	- 1,6	12,1	-11,7
Aug	10,6	20,5	31,6	7,3	0,7	17,0	-10,5
Sep	14,7	24,4	35,0	9,0	4,9	21,1	- 7,5
Okt	18,0	26,9	38,3	7,8	9,1	22,3	- 2,9
Nov	20,1	28,5	37,8	13,3	11,7	21,3	- 2,6
Des	22,1	30,3	38,4	10,4	13,9	26,1	2,2

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(c).

Vroeë en laat ryp kan vir die gewasprodusent groot opbrengsverliese inhou. Dit is gevolglik ook nodig om kennis te dra van die moontlike in- en uittreedatums van ryp. Die waarskynlikhede van die voorkoms van ryp van  $0^{\circ}\text{C}$  en  $-2,2^{\circ}\text{C}$  (grasminimum temperature) vir Glen op 'n bepaalde datum, word in Tabel 3.5 aangetoon. Daar bestaan dus reeds vanaf Maart tot en met Desember 'n moontlikheid van ryp en die voorkoms van ryp by 'n grasminimum van  $0^{\circ}\text{C}$  is ongeveer een week vroeër as ryp by 'n grasminimum van  $-2,2^{\circ}\text{C}$ , terwyl die laaste uittreedatum dieselfde by  $0^{\circ}\text{C}$  en  $-2,2^{\circ}\text{C}$  is. Volgens Botha (1964) is die lengte van die rypperiode vir Glen 264 dae by 'n grasminimum van  $0^{\circ}\text{C}$ , 256 dae by 'n grasminimum van  $-2,2^{\circ}\text{C}$ , 194 dae by 'n grasminimum van  $-4,4^{\circ}\text{C}$  en 168 dae by 'n grasminimum van  $-6,6^{\circ}\text{C}$ .

Dit is dus belangrik dat die gewasprodusent die plantdatum van sy gewasse so sal kies dat ontkieming en graanproduksie nie deur ongunstige temperatuurvariasies benadeel word nie.

### 3.3.3 Sonskynduur

Die duur van die ligperiode is belangrik vir die groei en ontwikkeling van gewasse. Die groot hoeveelheid sonskyn wat

Tabel 3.5: Waarskynlikheid van die voorkoms van ryp van 0°C en -2,2°C (grasminimum temperatuur) te Glen op 'n bepaalde datum vir die tydperk 1922 tot 1964.

Waarskynlikheid (%)	Intreedatum		Uitreedatum	
	0 °C	-2,2 °C	0 °C	-2,2 °C
Vroegste/laatste	16 Mrt	24 Mrt	5 Des	5 Des
5	25 Mrt	3 Apr	18 Nov	25 Okt
10	30 Mrt	7 Apr	12 Nov	20 Okt
16	3 Apr	12 Apr	6 Nov	16 Okt
20	6 Apr	15 Apr	3 Nov	14 Okt
30	10 Apr	20 Apr	28 Okt	10 Okt
40	14 Apr	24 Apr	23 Okt	6 Okt
50	17 Apr	28 Apr	18 Okt	3 Okt
60	21 Apr	2 Mei	13 Okt	29 Sep
70	25 Apr	6 Mei	7 Okt	25 Sep
80	30 Apr	11 Mei	1 Okt	21 Sep
84	2 Mei	14 Mei	29 Okt	19 Sep
90	6 Mei	18 Mei	23 Okt	15 Sep
95	11 Mei	24 Mei	16 Okt	10 Sep

Bron: Botha, 1964.

in die ondersoekgebied voorkom is duidelik waarneembaar vanuit die sonskynduurgegevens vir Glen in Tabel 3.6. Die gemiddelde daaglikse sonskynduur wissel vanaf 9,9 uur per dag in Januarie tot 7,9 uur per dag in Maart en Junie. Die hoogste daaglikse sonskynduur van 14 uur is in Desember en Januarie aangeteken, terwyl daar reeds in elkeen van die twaalf maande een of meer dae voorgekom het met geen sonskyn nie.

#### 3.3.4 Wind

Volgens Schulze (1979) waai die wind in hierdie gebied gewoonlik vanuit die noordweste en bereik 'n maksimum spoed in die namiddag. Kortstondige sterk rukwinde vanuit die suidweste kom gewoonlik gedurende donderstorms voor en gedurende die winter kan onplesierige koue winde vanuit die suide voorkom. Die hoogste gemiddelde windsnelhede kom vanaf September tot November voor. Sand- en stofstorms kom van tyd tot tyd voor en hang nou saam met droogtes en die bedekking van die veld en lande ten tye van sterk winde. Botha (1964) berig dat maksimum windsnelhede in Oktober voorkom, terwyl minimum windsnelhede in Mei maand bereik word.

Die voorkoms van uitermate sterk winde gedurende November kan

Tabel 3.6: Daaglikse sonskynduurgegewens (in uur) vir  
Glen oor die tydperk 1922 tot 1964.

Maand	Gemiddelde	Hoogste	Laagste
Jan	9,3	14,0	0,0
Feb	8,5	13,7	0,0
Mrt	7,9	12,7	0,0
Apr	8,0	12,0	0,0
Mei	8,1	11,5	0,0
Jun	7,9	10,8	0,0
Jul	8,4	10,8	0,0
Aug	9,1	11,9	0,0
Sep	9,0	12,0	0,0
Okt	9,2	13,5	0,0
Nov	9,8	13,8	0,0
Des	9,9	14,0	0,0

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou,  
1984(c).

skade aan wintergewasse veroorsaak deurdat plante omwaai en die graan gevolglik nie deur die stroper opgetel kan word nie. Verder bestaan daar ook die moontlikheid dat graan kan uitwaai en op die grond beland.

### 3.3.5 Verdamping

Omdat die ondersoekgebied 'n relatief lae reënval het, word die doeltreffendheid van die reënval in 'n groot mate deur verdamping bepaal. Die verdampingsyfers vir Glen vanuit 'n Klas A-pan word in Tabel 3.7 aangetoon. Hieruit kan gesien word dat ongeveer 68 % van die jaarlikse verdamping gedurende die ses maande vanaf September tot Februarie plaasvind. Die hoogste verdamping vind gedurende Desember plaas, waartydens gemiddeld 10,1 mm per dag verdamp, en die laagste verdamping vind gedurende Junie plaas, waartydens gemiddeld 2,6 mm per dag verdamp. Die verdamping in Desember is ongeveer 394 % van die verdamping in Junie. Die hoogste daaglikse verdampingsyfer wat tot nog toe gemeet is, is 'n verdamping van 19,5 mm wat gedurende Oktober 1962 gemeet is. Verder is dit nog net in Oktober, November en Desember waarin dae voorgekom het met geen verdamping nie.

Indien hierdie verdampingsyfers teen die agtergrond van

Tabel 3.7: Verdampingsgegewens (in mm) vir Glen oor die periode 1959 tot 1982.

Maand	Maandelikse gemiddelde	Daaglikse gemiddelde	Hoogste gemiddelde	Laagste gemiddelde
Jan	296,9	9,6	19,0	0,0
Feb	226,3	7,8	16,0	0,0
Mrt	189,1	6,1	15,5	0,0
Apr	130,1	4,3	12,7	0,0
Mei	102,0	3,3	10,0	0,0
Jun	79,2	2,6	10,5	0,0
Jul	95,9	3,1	12,5	0,0
Aug	143,9	4,6	13,0	0,0
Sep	213,9	7,1	16,5	0,0
Okt	257,0	8,3	19,5	0,0
Nov	275,0	9,2	18,5	0,0
Des	312,3	10,1	19,0	0,0

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou,  
1984(c).



bostaande reënvalbesonderhede beskou word, word die riskantheid van gewasproduksie in die ondersoekgebied net verder beklemtoon.

### 3.4 Grond

Die grondinventaris vir landtipe Ca 8 verskyn in Bylae B. Vanweë die groot persentasie Hutton-gronde wat in hierdie gebied voorkom, is besluit om te konsentreer op die Shorrocks-serie van die Hutton-grondvorm. Die volgende fisiese grondeienskappe word veronderstel:

- \* Tekstuurklas: Sanderige leem
- \* Kleipersentasie: 18 %
- \* Beskikbare grondvog: 140 mm/m

Die gronde in die ondersoekgebied het oor die algemeen goeie voghuishoudingseienskappe en is gevolglik in staat om vog gedurende die reënmaande op te gaar vir latere gebruik deur die plant. In baie gevalle kom 'n waterondeurdringbare laag in die ondergrond voor wat veroorsaak dat water nie uit die wortelsone kan wegdreineer nie. Hierdie vermoë van die gronde om vog op te gaar vir latere gebruik is veral van

belang by die produksie van wintergewasse. Toe die reënval-besonderhede bespreek is, is die gevolgtrekking gemaak dat suksesvolle wintergewasverbouing in hierdie gebied nie moontlik is nie, omdat die reënvalverspreiding sodanig is dat min reën gedurende die groei- en ontwikkelingstadia van wintergewasse voorkom. Deur vog gedurende die somermaande in die grond op te gaar is die suksesvolle verbouing van wintergewasse wel moontlik bewys.

### 3.5 Gewasverbouing

Die waarde van akkerbouproduksie het in 1978 ongeveer 41% van die bruto produksiewaarde van landbouprodukte in die Bloemfontein-distrik bedra, teenoor die ongeveer 36% van lewende hawe (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, 1978). Koring, mielies, hawer, graansorghum en sonneblom is die belangrikste kontantgewasse wat in die ondersoekgebied verbou word. Vanweë die belangrikheid van die veefaktor in hierdie gebied, word groot oppervlakte bewerkbare grond ook aangewend vir die verbouing van voergewasse soos kleingraan-groenvoer, eenjarige voersorghum, droëlandlusern en meerjarige gewasse op lande met lae produksiepotensiale. Koring en mielies is by verre die belangrikste twee kontantgewasse in die ondersoekgebied, beide in terme van oppervlakte geoes en

Tabel 3.8: Produksiesyfers van die belangrikste kontantgewasse in die Bloemfontein-landdrosdistrik (1978).

Gewas	Oppervlakte ge-oes (ha)	Produksie (t)
Koring	44 684	36 251
Hawer	11 156	1 664
Graansorghum	3 126	629
Sonneblom	8 541	3 423
Mielies	26 229	26 086

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek,  
1978.

fisiiese opbrengs (kyk Tabel 3.8). In die lig hiervan, en met inagneming van die beskikbaarheid van opbrengsdata, sal daar tydens hierdie studie slegs op hierdie twee gewasse gekonsentreer word.

### 3.5.1 Koringverbouing

Koring word gewoonlik van die helfte van April tot die helfte van Mei aangeplant en teen die einde van November en die begin van Desember geoes. Daar is egter koringkultivars wat tot in Junie met welslae aangeplant kan word. Wat belangrik is, is dat die planttyd so gereël moet word dat die koringplant nie voor die einde van September sal blom nie, anders kan vogstremming gedurende die antese-stadium oesverlagings meebring (Van Deventer, 1980). Hierdie skrywer beweer ook dat laat koues gedurende die pypstadium van die koringplant groot skade kan aanrig indien die plant voor die einde van September van die vegetatiewe fase na die reprodktiewe fase oorgaan. Deur die plantdatum dus uit te stel kan bogenoemde probleme uitgeskakel word, maar ontstaan die nuwe probleem dat grondvogtoestande by later plantdatums beperkend raak vir goeie saadontkieming en -opkoms.

Die koringplant is in die ondersoekgebied hoofsaaklik aange-

wese op gestoorde grondvog vanaf planttyd tot en met die begin van die reënseisoen aan die einde van September en in die begin van Oktober. Die verbouing van koring op gronde met goeie voghuishoudingseienskappe is dus essensieel vir suksesvolle koringverbouing in hierdie gebied.

### 3.5.2 Mielieverbouing

Die planttyd van mielies word bepaal deur die voorkoms van goeie reënneerslae in Oktober, November en in die begin van Desember. Met die voorkoms van goeie neerslae in Oktober en in November is die versoeking groot om reeds in November te plant, maar té vroeë aanplantings veroorsaak dat die mielieplant gedurende ongunstige klimaatstoestande blom. Plantdatums later as helfte Desember is ook ongewens aangesien vroeë koues die oes kan beskadig.

Omdat die mielieplant gedurende die warm somermaande (met hoë verdampingstempos) groei en ontwikkel, is mielies meer afhanklik van reën gedurende die groeiseisoen as koring, en speel gestoorde grondvog 'n minder belangrike rol as by koring. Aangesien hierdie gebied 'n marginale gewasproduksiegebied is, is plantdigthede, rywydtes en bewerkingspraktyke van die allergrootste belang vir die suksesvolle verbou-

ing van mielies alhier. De Bruyn (1974) het vasgestel dat laer plantdigthede, wyer rye en 'n minimum bewerkings tydens die groeiseisoen, die opbrengs van mielies in marginale gebiede betekenisvol verhoog het.

### 3.6 Gewasopvolgingstelsels

Vir die doel van hierdie studie is ses verskillende gewasopvolgingstelsels, wat tans in 'n mindere of 'n meerdere mate toegepas word, geïdentifiseer. Daar word doelbewus van die woord "gewasopvolgingstelsel" gebruik gemaak, omdat van die gewasse in monokultuur, wisselbou en op langbraaklande verbou word. In 'n betrokke stelsel word dus òf slegs koring, òf slegs mielies, òf beide koring en mielies verbou. Die verskillende gewasopvolgingstelsels is:

- (i) Koringmonokultuur - koring word jaarliks op dieselfde lande verbou, met 'n kort braakperiode van ongeveer 5 maande;
- (ii) Mielie-monokultuur - mielies word jaarliks op dieselfde lande verbou, met 'n kort braakperiode van ongeveer 5 maande;
- (iii) Langbraakkoring - koring word al om die tweede jaar op dieselfde lande verbou, met 'n lang braakperiode van

ongeveer 17 maande;

- (iv) Koring-koring-langbraak - koring word twee jaar agtereenvolgens op dieselfde lande verbou met 'n lang braakperiode van 17 maande tussen elke tweejaar-siklus;
- (v) Koring-mielie-wisselbou - koring word in afwisseling met mielies op dieselfde lande verbou, met 'n lang braakperiode van ongeveer 10 maande tussen mielies en koring, en 'n lang braakperiode van ongeveer 12 maande tussen koring en mielies; en
- (vi) Koring-koring-mielie-wisselbou - koring word twee jaar agtereenvolgens en in afwisseling met mielies op dieselfde lande verbou, met 'n lang braakperiode van ongeveer 10 maande tussen mielies en eerstejaarkoring, 'n kort braakperiode van ongeveer 5 maande tussen eerstejaarkoring en tweedejaarkoring en 'n lang braakperiode van ongeveer 12 maande tussen tweedejaarkoring en mielies.

In die geval van stelsels (i) en (ii) is die gewasopvolging-siklus een jaar lank en herhaal die siklus homself dus elke jaar, met een oes elke jaar. By stelsel (iii) is die siklus twee jaar lank en word een oes elke twee jaar verkry. In die geval van stelsels (iv) en (v) neem die siklus drie jaar om te voltooi en word twee oeste elke drie jaar verkry. Die

siklus van stelsel (vi) is vier jaar lank, met drie oeste elke vier jaar. Die kleinste gemene veelvoud met betrekking tot die tydsduur van die siklusse van die verskillende stelsels is dus twaalf jaar.

Om die verskillende stelsels met mekaar te vergelyk sal dit nodig wees om die beskikbare lande van 'n boerdery-eenheid in twaalf ewe groot blokke te verdeel. Afhangend van die betrokke gewasopvolgingstelsel, sal 'n sekere aantal blokke in 'n bepaalde jaar of braak lê, of verbou word met koring, of verbou word met mielies. In Figuur 3.7 verskyn skematiese voorstellings van die benutting van 'n boerdery-eenheid in die geval van elkeen van die verskillende gewasopvolgingstelsels in 'n bepaalde jaar. In die geval van stelsels (i) en (ii) word 100 % van die boerdery-eenheid jaarliks benut vir koring- en mielieverbouing onderskeidelik. By stelsel (iii) word slegs 50 % jaarliks benut vir koringverbouing, terwyl die ander 50 % braak lê. In die geval van stelsel (iv) word 66,7 % jaarliks benut vir die verbouing van koring en 33,3 % lê braak. By stelsel (v) word 33,3 % jaarliks benut vir koringverbouing, 33,3 % vir mielieverbouing en 33,3 % lê braak. By stelsel (vi) word 50 % jaarliks benut vir koringverbouing, 33,3 % vir mielieverbouing en 33,3 % lê braak.



K	K	K
K	K	K
K	K	K
K	K	K

(i) Koringmonokultuur

M	M	M
M	M	M
M	M	M
M	M	M

(ii) Mielie-monokultuur

K	K	K
K	K	K
B	B	B
B	B	B

(iii) Langbraakkoring

K	K	B
K	K	B
K	K	B
K	K	B

(iv) Koring-koring-langbraak

K	M	B
K	M	B
K	M	B
K	M	B

(v) Koring-mielie-wisselbou

K	K	K
K	K	K
M	M	M
B	B	B

(vi) Koring-koring-mielie-wisselbou

**FIGUUR 3.7:** Skematiese voorstelling van die verskillende gewasopvolgingstelsels op 'n hipotetiese boerdery-eenheid (K=koring; M=mielies; B=braak)

In die lig van hierdie benuttingspatroon is dit te wagte dat die stelsels sal verskil ten opsigte van die totale fisiese gewasopbrengs wat jaarliks gerealiseer kan word, sowel as die aard en omvang van die boerdery-aktiwiteite wat jaarliks toegepas word. In die geval van die monokultuurstelsels word groter oppervlaktes jaarliks met gewasse beplant en is bewerkingspraktyke gedurende die braakperiodes daarop toegespits om die lande so gou as moontlik gereed te kry vir daaropvolgende aanplantings. By die stelsels met langer braakperiodes word kleiner oppervlaktes jaarliks aangeplant en is bewerkingspraktyke tydens die braakperiodes daarop toegespits om onkruid te beheer, vog te bewaar en gronderosie te verhoed. Die verskil in boerdery-aktiwiteite behoort verder aanleiding te gee tot verskille in bestuursvereistes, belegging in masjinerie en toerusting, arbeidsbehoefte, veranderlike bedryfskoste, ens. Oor hierdie aspekte sal hopelik duidelikheid gedurende die loop van die studie verkry word.

### 3.7 Opsommend

Die ondersoekgebied kan dus opsommendergewys beskou word as 'n semi-ariëde gebied met 'n gemiddelde reënval van ongeveer 540 mm per jaar. Die reënval kom hoofsaaklik in die somer

voor, maar toon groot variasie van jaar tot jaar, sodat die verbouing van somergewasse baie riskant is. Die verbouing van wintergewasse is eweneens riskant omdat min reën gedurende die groeiseisoen van hierdie gewasse voorkom. Die risiko van wintergewasverbouing (en selfs somergewasverbouing) kan verminder word deur die toepassing van wisselbou- en braaklandstelsels soos dié wat in paragraaf 3.6 behandel is. Die mate waartoe dit moontlik is en die finansiële voordele (of nadele) wat dit vir die boer kan inhou word later in Hoofstuk 5 bespreek.

## H O O F S T U K 4

## ONDERSOEKPROSEDURE

## 4.1 Inleidend

Dit is reeds gestel dat daar baie min navorsingsresultate oor wisselbou- en braaklandstelsels in die ondersoekgebied beskikbaar is. Verder is dit ook so dat sommige van die gewasopvolgingstelsels nie wyd toegepas word nie, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat produsente onseker is met betrekking tot die winsgewendheid van die betrokke stelsels. In die lig hiervan is daar besluit om van drie metodes gebruik te maak om noodsaaklike inligting vir die ekonomiese evaluasie in te samel. In die eerste instansie was dit nodig om 'n aantal aannames met betrekking tot 'n boerdery-eenheid te maak. Tweedens is tersaaklike inligting rondom die toepassing van die betrokke gewasopvolgingstelsels met behulp van onderhoude met produsente en landboukundiges in die ondersoekgebied verkry, en laastens is van gewasgroeimodelle gebruik gemaak om gewasopbrengste te beraam.

#### 4.2 Die boerdery-eenheid

Aangesien dit die oorhoofse doel van hierdie studie is om verskillende gewasopvolgingstelsels met mekaar ekonomies te vergelyk, is besluit om ten spyte van die belangrikheid van die veefaktor in die ondersoekgebied, slegs gewasproduksie by die evalueringsproses te betrek. Dit wil sê, die boerdery-eenheid word beskou as 'n eenheid bestaande uit slegs bewerkbare grond, met grondeienskappe soos beskryf in Hoofstuk 3. Eenvoudigheidshalwe word die grootte van die boerdery-eenheid geneem as 600 ha, sodat die eenheid maklik in twaalf gedeeltes van 50 ha elk verdeel kan word. Die vaste verbeterings op die eenheid bestaan uit 'n implementestoor en arbeidershuise, wat sal voldoen aan die behoeftes van elkeen van die onderskeie gewasopvolgingstelsels.

#### 4.3 Boerderypraktyke

Die boerderypraktyke wat in 'n gebied toegepas word, is normaalweg geskoei op riglyne wat deur navorsingsresultate daargestel is. Die voorligter dra gewoonlik die nuutste inligting vanaf die navorser aan die produsent oor en dra ook sorg dat dit reg geïnterpreteer en toegepas word. Gevolglik kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die

produsente in die ondersoekgebied die korrekte praktyke sal toepas, of ten minste kennis daarvan sal dra. Daar is dus besluit om hierdie inligting direk by die produsente met behulp van onderhoude in te samel. Die inligting het hoofsaaklik betrekking gehad op die bewerkingspraktyke wat by elkeen van die opvolgingstelsels toegepas moet word. Dit was ook belangrik om uit te vind watter van die bewerkings op kontrak laat doen word, sodat 'n meganisasiebeplanning en 'n arbeidsbehoeftebepaling vir die boerdery-eenheid gedoen kon word.

#### 4.4 Gewasopbrengste

In teenstelling met die magdom wisselbou- en braakland-opbrengsdata wat oorsee beskikbaar is, is 'n probleem ondervind om selfs monokultuuropbrengsdata in die ondersoekgebied op te spoor. Die enigste opbrengsdata wat wel beskikbaar was, is dié van die praktykstudies van die Departement van Landbou (Van Aswegen, 1979), koringproewe deur verskeie landbou-instansies op die plaas Hebron in die Bloemfontein-distrik (Van Rooyen, 1984) en navorsingsprojek OG1 157/1 by die Navorsingsinstituut Glen (Engelbrecht & Van der Westhuizen, 1983).

Bogenoemde praktykstudies is uitgevoer oor 'n wye gebied en op verskeie plase. 'n Verskeidenheid opbrengsbepalende veranderlikes, byvoorbeeld reënval, grondtipe en bestuur, is toegelaat om onkontroleerbaar te varieer, sodat die opbrengs- variasies nie summier aan die wisselbou- en braaklandfaktor toegeskryf kan word nie. Die koringproewe op Hebron was meestal toegespits op die bepaling van die effek van plant- datum, bewerkingspraktyke, bemesting en kultivars op koring- opbrengste. Dit was eers vanaf 1979 dat 'n braaklandproef by die navorsing ingesluit is. Die navorsingsprojek by Glen het in 1982 begin en word eers aan die einde van 1987 voltooi. Op hierdie stadium is dus net tussentydse resultate beskikbaar.

Omdat dit nie moontlik was om hierdie studie met bogenoemde opbrengsdata uit te voer nie, moes 'n alternatiewe databron oorweeg word. Dit was noodsaaklik dat hierdie alternatiewe databron opbrengsdata moes verskaf, wat die resultaat is van die interaksie tussen die spesifieke gewasplant, spesifieke grondeienskappe en heersende klimaatsomstandighede. Verder moes alle ander opbrengsbepalende veranderlikes soos bestuur en tegnologiese ontwikkelings, konstant gehou word. Daar is toe besluit om van gewasgroeimodelle gebruik te maak, waar- volgens jaarlikse koring- en mielie-opbrengste vir die boerdery- eenheid bereken kon word op basis van daaglikse klimaatsgegewens met betrekking tot vier weerselemente, soos

verskaf deur die Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(c)) en grondgegewens soos beskryf vir die ondersoekgebied.

#### 4.4.1 Gewasgroeimodelle

Verskeie metodes is reeds deur navorsers ontwikkel waarvolgens die oesopbrengs van kontantgewasse in Suid-Afrika bepaal kan word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Mielierekenaar (Mohr, 1977), wat van 'n reënvaldoeltreffendheidsfaktor gebruik maak om die gemiddelde langtermyn opbrengste van mielies en aanverwante gewasse te beraam. Hierdie werk is gebaseer op navorsing wat deur Crafford & Nott (1970) gedoen is. Seker die bekendste metode in Suid-Afrika is die PUTU-reeks simulasiemodelle. Die PUTU-modelle is 'n reeks dinamies deterministies fisies-biologiese modelle, waarvan die eerste een reeds in 1974 deur De Jager ontwikkel is (De Jager, 1976). Die PUTU-reeks word tans steeds verder ontwikkel en is reeds gebruik vir die berekening van mielieopbrengste (Mallet & De Jager, 1974; De Jager, 1976), koringopbrengste (De Jager, Botha & Van Vuren, 1981) en weiveldproduksie (Booyesen, 1983 & Fouche, 1984). Die PUTU-modelle is in staat om die potensiële gewasopbrengs vir 'n bepaalde jaar te bereken, gegewe die klimaatomstandighede



wat gedurende die produksieseisoen geheers het. Die verskillende funksies in die groeiproses van die gewas word deur middel van wiskundige vergelykings beskryf. Hierdie vergelykings veronderstel optimale bestuurspraktyke en 'n konstante peil van tegnologiese ontwikkeling, wat hierdie modelle uiters geskik maak vir die doeleindes van hierdie studie. Daar is dus besluit om PUTU-groeimodelle te gebruik om koring- en mielie-opbrengste te beraam.

#### 4.4.2 Koringopbrengste

Die koringgroeimodel PUTU-6 is deur De Jager, Botha & Van Vuren (1981) ontwikkel en gebruik om koringopbrengste vir Glen oor 'n tydperk van 49 jaar te bereken. Betroubare beramings van koringopbrengste en seisoenale effektiewe reënval is gemaak. Hierdie groeimodel is verder ontwikkel deur Singels (1983). Die basiese veranderlikes wat deur hierdie model benodig word, is:

- (i) Maksimale effektiewe worteldiepte (mm);
- (ii) Maksimum plantbeskikbare grondwater (mm/m);
- (iii) Plantbeskikbare grondwater aan die begin van die produksieseisoen (mm/m);
- (iv) Plantdatum (dag van die jaar);

- (v) Daaglikse reënval (mm);
- (vi) Daaglikse maksimum temperatuur ( $^{\circ}$  C);
- (vii) Daaglikse minimum temperatuur ( $^{\circ}$  C); en
- (viii) Daaglikse sonskynduur (h).

Volgens Singels (1984) is die ontwikkeling van hierdie groeimodel gedoen op grond van koringaanplantings wat deur 'n lang braakperiode voorafgegaan is. Die koringopbrengste wat tydens hierdie eksperimente verkry is, verteenwoordig dus die potensiële koringopbrengs wat op langbraaklande verkry kan word. Daar kan dus van die veronderstelling uitgegaan word dat hierdie koringgroeimodel opbrengste beraam, wat ook die opbrengsvoordele van koringverbouing op braaklande kwantifiseer.

Om die geldigheid van hierdie veronderstelling te toets, is braaklandopbrengste vir die plaas Hebron (waarna reeds vroeër verwys is) bereken en vergelyk met gemete braaklandopbrengste te Hebron. Vir die berekening van die opbrengste is daaglikse reënvalsyfers en grondeienskappe van Hebron gebruik (Laubscher, 1984). Die res van die klimatologiese veranderlikes, naamlik daaglikse minimum en maksimum temperature en daaglikse sonskynduur, was nie vir Hebron beskikbaar nie en is geneem soos beskikbaar vir Glen. Gemete opbrengste was ongelukkig net vir 1979, 1981, 1982, en 1983 beskikbaar en


daarom is braaklandopbrengste net vir hierdie vier jare bereken. Die berekende en gemete opbrengste te Hebron vir die betrokke jare word in Tabel 4.1 aangetoon.

Tabel 4.1: Gemete en berekende braaklandkoringopbrengste vir 4 afsonderlike jare by Hebron.

Jaar	Gemete opbrengs * (t/ha)	Berekende opbrengs (t/ha)
1979	1,790	2,059
1980	2,340	2,524
1981	1,952	2,014
1982	1,574	1,584
Gemiddelde	1,914	2,045

\* Bron: Van Rooyen, 1984.

Die gemiddelde berekende opbrengste was slegs 6,85% hoër as die gemiddelde gemete opbrengste. Daarbenewens is 'n betekenisvolle lineêre verwantskap ( $P < 0,05$ ) tussen die berekende en gemete opbrengste verkry (kyk Figuur 4.1). Die gevolg van



FIGUUR 4.1: Verwantskap tussen gemete en berekende langbraak-koringopbrengste te Hebron vir 4 afsonderlike jare.

die betekenisvolle lineêre verwantskap was dat bogenoemde veronderstelling gehandhaaf is en besluit is om die verfynde PUTU-6 koringgroeimodel te gebruik om braaklandopbrengste vir die gedefinieerde boerdery-eenheid oor 'n tydperk van 24 jaar te bereken. Die PUTU-benadering is verkies bo byvoorbeeld 'n regressiemodel van opbrengs op reënval, omrede regressieverwerkings neig om die beraming van uiterstes te onderskat (by hoë waardes) of te oorskat (by lae waardes). Dit is juis die uiterstes waarin die huidige studie belang stel.

Die klimatologiese data van Glen en die grondeienskappe van die ondersoekgebied is gebruik en die plantdatum is deurgaans geneem as 30 April (dag 120). Geen onderskeid word gemaak tussen die opbrengste van koring op braaklande na koring en koring op braaklande na mielies nie, omrede die grondprofiel in beide gevalle dieselfde hoeveelheid vog bevat het.

Die volgende probleem wat ontstaan het, was die verkryging van monokultuurkoringopbrengste vir die boerdery-eenheid. Indien braaklandkoring en monokultuurkoring op dieselfde datum geplant word, is hulle aan dieselfde klimaatsomstandighede onderwerp en kan die vermoede ontstaan dat daar 'n spesifieke verwantskap tussen braaklandkoring- en monokultuurkoringopbrengste in 'n bepaalde jaar bestaan. Om hierdie vermoede te ondersoek, is gemete monokultuuropbrengste by

Hebron (Van Rooyen, 1984) vergelyk met PUTU-berekende braaklandopbrengste vir die 10 jaar tydperk 1974 tot 1983. Die gemete en berekende opbrengste word in Tabel 4.2 aangetoon. Die gemiddelde berekende braaklandopbrengste was ongeveer 72,56% hoër as die gemiddelde gemete monokultuuroopbrengste, wat merkwaardig nou ooreenstem met die bevindinge van Van Aswegen & De Jager (1980). Daar is gevind dat 'n lineêre regressielyn ook hierdie verwantskap baie goed weergee. Die verwantskap word in Figuur 4.2 aangetoon. Die korrelasie koëffisiënt is hoog en betekenisvol by 'n 99%-toetspeil. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat grondwater teen planttyd vir beide monokultuur- en braaklandkoring naby veldkapasiteit was (De Jager, et al., 1981), maar dat opbrengste wel verskil as gevolg van onder andere 'n verskil in voedingstoestande weens die verskil in verbouingspraktyke. Hierdie verwantskap is gevolglik ook vir die boerdery-eenheid aanvaar en sodoende kon monokultuuroopbrengste vir die boerdery-eenheid vanaf die PUTU-berekende braaklandopbrengste beraam word.


Van Aswegen en De Jager (1980) het bevind dat die opbrengste van koring wat onmiddellik na langbraakkoring op dieselfde land verbou word, steeds ongeveer 30% hoër as monokultuuroopbrengste is. Volgens Van Aswegen (1984) is die jongste waarneming dat hierdie opbrengste nie veel van monokultuuroopbrengste verskil nie en sommige produsente meen dat hierdie

opbrengste eerder laer as monokultuuropbrengste is. Die opbrengs van koring na langbraakkoring is gevolglik dieselfde geneem as die monokultuuropbrengs van die betrokke jaar.

Tabel 4.2: Gemete monokultuurkoringopbrengste en berekende braaklandkoringopbrengste by Hebron (1974 - 1983).

Jaar	Monokultuuropbrengs* (t/ha)	Braaklandopbrengs (t/ha)
1974	1,120	1,977
1975	1,295	2,139
1976	1,505	2,253
1977	1,356	2,359
1978	1,250	1,862
1979	1,392	2,059
1980	1,191	2,106
1981	1,600	2,524
1982	1,011	2,014
1983	0,378	1,584
Gemiddelde	1,210	2,088

\*Bron: Van Rooyen, 1984.



**FIGUUR 4.2:** Verwantskap tussen gemete monokultuur- en berekende langbraakkoringopbrengste te Hebron vir die tydperk 1974 tot 1983.



#### 4.4.3 Mielie-opbrengste

Die mieliegroeimodel PUTU-12 is gebruik om mielie-opbrengste vir die boerdery-eenheid te bereken. Hierdie groeimodel is 'n verdere ontwikkeling van oorspronklike mieliegroeimodelle en is gedurende die 1981/2-seisoen deur De Jager, et al. (1981) op verskeie plekke in Suid-Afrika geëvalueer. Daar is onder andere gevind dat die modelberaamde en waargenome graanopbrengste binne 0,5 t/ha ooreenstem. Die basiese veranderlikes wat deur hierdie model benodig word, is:

- (i) Plantdatum (dag, maand, jaar);
- (ii) Kultivar;
- (iii) Plantdigtheid (aantal plante per ha);
- (iv) Effektiewe worteldiepte (m);
- (v) Maksimum volumetriese waterinhoud van die grond by veldwaterkapasiteit (mm/m);
- (vi) Volumetriese waterinhoud van die grond aan die begin van die seisoen (mm/m);
- (vii) Vier stelle koördinate ter beskrywing van die grondretensiekromme van die betrokke grond (kPa, mm/m);
- (viii) Daaglikse reënval (mm);
- (ix) Daaglikse maksimum temperatuur ( $^{\circ}$  C);
- (x) Daaglikse minimum temperatuur ( $^{\circ}$  C); en

(xi) Daaglikse sonskynduur (h).

Die jaarlikse opbrengste wat deur hierdie groeimodel bereken word, is geneem as die opbrengste wat onder monokultuurtoestande verkry kan word. Ten einde die opbrengs van mielies ná koring (dit wil sê braaklandmielies) te beraam, is weer aandag gegee aan resultate waarvan in die literatuur melding gemaak word. De Bruyn (1974) het vasgestel dat mieliegraanopbrengs na 'n somerbraak 29,67% hoër is as mieliegraanopbrengs wat in monokultuur verkry is. Hierdie persentasie stem ooreen met die bevindinge van Van Aswegen en De Jager (1980) wat op grond van praktykstudies gemaak is, met die gevolg dat jaarlikse monokultuuropbrengste eenvoudig met 30% verhoog word ten einde braaklandopbrengste vir mielies te beraam. Omdat mieliereste as 'n belangrike veevoer beskou word, is die hoeveelheid veebenutbare oesreste by mielies in ooreenstemming met Nieuwoudt (1984) geneem as 0,625 ton droëmateriaal vir elke ton graan wat in die betrokke jaar gerealiseer word. Die plantdatum is konstant as 30 November geneem, teen 'n plantdigtheid van 12 000 plante per hektaar. Die klimatologiese data vir Glen en grondkundige gegewens van die ondersoekgebied is ook hier gebruik.

#### 4.5 Ekonomiese evaluasie

Die verwagte finansiële resultaat van, sowel as die risiko verbonde aan 'n bepaalde gewasopvolgingstelsel, is belangrike punte wanneer dit kom by die ekonomiese evaluasie van en uiteindelijke keuse tussen verskillende gewasopvolgingstelsels. Die ekonomiese evaluasie is dan ook op hierdie grondslag benader.

Ten einde die finansiële resultaat van die verskillende stelsels te bepaal, is besluit om boerderywinsontledings op die boerdery-eenheid te doen vir elkeen van die onderskeie stelsels. Daar is op boerderywinsontledings besluit omdat hierdie ontledings koste-aspekte in ag neem wat nie tydens 'n bruto marge-ontleding in ag geneem word nie. Die bepaling van die finansiële resultaat is in vyf fases uitgevoer, naamlik:

- (i) Die bepaling van die wins van die boerdery-eenheid op grond van die gemiddelde opbrengs van elke stelsel oor 'n tydperk van 24 jaar, geneem teen 1983-pryse;
- (ii) Die bepaling van die wins van die boerdery-eenheid vir elke stelsel vir elkeen van die 24 jaar, teen die berekende opbrengs van daardie jaar en steeds teen

1983-pryse;

- (iii) Die bepaling van die wins van die boerdery-eenheid vir elke stelsel vir elkeen van die 24 jaar, deur die winssyfers in (ii) met behulp van indekse aan te pas ten einde jaarlikse winssyfers teen die heersende pryse vir die betrokke jare te verkry;
- (iv) Die bepaling van die huidige waarde van die boerdery-wingssyfers van elke stelsel oor die 24-jaar-termyn; en
- (v) Die bepaling van die interne opbrengskoers van elke stelsel deur slegs werklike in- en uitvloei van fondse in ag te neem in plaas van boerderywingsyfers, wat nie-kontantuitgawes soos depresiasie ook in ag neem.

Op grond van bogenoemde ontledings is 'n voorlopige keuse op grond van finansiële resultaat alleen geneem, sonder inagneming van risiko-verskille. Die risiko van elke stelsel is hierna bepaal deur te kyk in watter mate elke stelsel in staat is om genoeg inkomste te genereer om die vaste verpligtinge van die boerdery-eenheid jaarliks na te kom. 'n Finale keuse tussen die stelsels is hiervolgens gedoen. Indien hierdie keuse radikaal van die keuse op grond van winsgewendheid verskil, sal die finale keuse natuurlik afhang van

die houding van die boerdery-ondernemer jeens risiko. Indien nie, sal die finale keuse voor-die-hand-liggend wees, met ander woorde indien 'n stelsel die winsgewendste is en ook 'n relatief klein risiko het, is dit die aangewese gewasopvolgingstelsel om te volg.

## H O O F S T U K 5

## BESPREKING VAN DIE RESULTATE


## 5.1 Berekende opbrengste

Koring- en mielie-opbrengste is vir die hipotetiese boerdery-eenheid bereken oor die 24 jaar tydperk 1960 tot 1983 en die resultate word in Tabel 5.1 gegee. Die opbrengste vir 'n spesifieke jaar verwys na die koringopbrengs wat in Desember en die mielie-opbrengs wat in Julie van daardie jaar ingesamel is.

Die gemiddelde langbraakkoringopbrengs oor die tydperk was 2,061 t/ha, terwyl die gemiddelde koringopbrengs onder monokultuurtoestande 1,169 t/ha was. Die verskil tussen die twee gemiddeldes is hoogs betekenisvol ( $P < 0,001$ ). Die opbrengs per hektaar geplant was dus ongeveer 76% hoër by langbraakkoring as by monokultuurkoring, wat ietwat hoër is as die 70% verskil wat met praktykstudies in die gebied verkry is (Van Aswegen & De Jager, 1980). 'n Grafiese voorstelling van die berekende opbrengste in Figuur 5.1 toon verder aan dat die

TABEL 5.1: BEREKENDE KORING- EN MIELIE-OPBRENGSTE (IN TON PER HEKTAAR) VIR DIE HIPOTETIESE BOERDERY-EENHEID OOR DIE TYDPERK 1960 TOT 1983

Jaar	KORING		MONOKULTUUR- MIELIES		LANGBRAAK- MIELIES	
	Lang- braak	Mono- kultuur	Graan	Hooi	Graan	Hooi
1960	2,337	1,585	1,992	1,245	2,590	1,619
1961	1,473	0,284	1,417	0,886	1,842	1,151
1962	1,328	0,065	1,352	0,845	1,758	1,099
1963	2,297	1,525	2,464	1,540	3,203	2,002
1964	2,407	1,691	1,881	1,176	2,445	1,528
1965	2,210	1,394	0,546	0,341	0,710	0,444
1966	1,425	0,211	1,140	0,713	1,482	0,926
1967	2,173	1,338	2,641	1,651	3,433	2,146
1968	2,305	1,537	0,909	0,568	1,182	0,739
1969	2,104	1,234	1,692	1,058	2,200	1,375
1970	2,373	1,640	0,867	0,542	1,127	0,704
1971	1,984	1,054	2,052	1,283	2,668	1,667
1972	2,179	1,347	2,273	1,421	2,955	1,847
1973	1,331	0,070	0,783	0,489	1,018	0,636
1974	2,152	1,307	3,099	1,937	4,029	2,518
1975	2,139	1,287	1,824	1,140	2,371	1,482
1976	2,464	1,777	2,895	1,809	3,764	2,352
1977	2,505	1,839	2,680	1,675	3,484	2,178
1978	2,269	1,483	1,220	0,763	1,586	0,991
1979	1,680	0,595	0,616	0,385	0,801	0,501
1980	2,106	1,237	0,781	0,488	1,015	0,635
1981	2,548	1,903	3,175	1,984	4,128	2,580
1982	2,361	1,622	2,012	1,258	2,616	1,635
1983	1,312	0,041	0,486	0,304	0,632	0,395
Gem.	2,061	1,169	1,700	1,063	2,210	1,381



FIGUUR 5.1: Berekende monokultuur- en langbraakkoringopbrengste op die hipotetiese boerdery-eenheid (1960 tot 1983).




verskil in opbrengste in ongunstige jare groter was as dié in gunstiger jare. In 1962 ('n ongunstige jaar) was die opbrengs van langbraakkoring per hektaar geplant byvoorbeeld ongeveer 104% hoër as by monokultuurkoring, terwyl die opbrengs van langbraakkoring per hektaar geplant in 1981 ('n gunstige jaar) slegs ongeveer 34% hoër as dié van monokultuurkoring was. Volgens Van Aswegen (1984) is opbrengsverskille van meer as 200% in ongunstige jare en opbrengsverskille van nie minder nie as 25% in gunstige jare moontlik. Verder kan uit Figuur 5.1 ook gesien word dat monokultuurkoringopbrengste in 6 van die 24 jaar onder 1 t/ha was, terwyl die produksie van langbraakkoring nie in een van hierdie jare onder 1 t/ha gedaal het nie. Tewens, die laagste koringopbrengs wat gedurende die 24 jaar by langbraakkoring verkry is, was 1,312 t/ha in 1983. Langbraakkoringopbrengste het dan ook gewissel van 1,312 t/ha in 1983 tot 2,548 t/ha in 1981, met 'n koëffisiënt van variasie van 19,6%. Koringopbrengste onder monokultuurtoestande het gewissel van 0,041 t/ha in 1983 tot 1,903 t/ha in 1981, met 'n koëffisiënt van variasie van 51,9%.

Die gemiddelde monokultuurmielie-opbrengs gedurende hierdie tydperk was 1,7 t/ha graan en 1,063 t/ha hooi, terwyl die gemiddelde langbraakmielie-opbrengs 2,21 t/ha graan en 1,381 t/ha hooi was. Die opbrengs per hektaar geplant was dus

gemiddeld 30% hoër by langbraakmielies as by monokultuurmielies. Hierdie persentasieverskil is konstant vir gunstige en ongunstige jare as gevolg van die aanname wat in Hoofstuk 4 hieromtrent gemaak is. 'n Grafiese voorstelling van die jaarlikse mieliegraanopbrengste word in Figuur 5.2 gegee. Hieruit kan gesien word dat groot fluktuasies in mieliegraanopbrengste van jaar tot jaar voorkom. Monokultuurgraanopbrengste het gewissel van 0,486 t/ha in 1983 tot 3,175 t/ha in 1981, met 'n koëffisiënt van variasie van 49,7%, terwyl langbraakgraanopbrengste gewissel het van 0,632 t/ha in 1983 tot 4,128 t/ha in 1981, met 'n koëffisiënt van variasie wat uit die aard van die konstante verwantskap dieselfde as dié van monokultuurgraanopbrengste is. In 7 van die 24 jaar is mieliegraanopbrengste van laer as 1 t/ha by mielie-monokultuur verkry, terwyl mieliegraanopbrengste in slegs 3 van die 24 jaar laer as 1 t/ha by langbraakmielies was.

Omdat werklike opbrengste onder soortgelyke toestande nie beskikbaar was om hierdie berekende opbrengste mee te kontroleer nie, is die akkuraatheid van die berekende opbrengste onseker. Hierdie opbrengste word nietemin aanvaar as die beste alternatief vir navorsingsdata. Daar kan dus nou oorgegaan word tot die ekonomiese evaluasie van die verskillende gewasopvolgingstelsels.



FIGUUR 5.2: Berekende monokultuur- en langbraakmieliegroanopbrengste op die hipotetiese boerdery-eenheid (1960 tot 1983).

## 5.2 Boerderywinsontledings: gemiddelde opbrengste en 1983- pryse

Hierdie winsontledings is stapsgewys gedoen, sodat die belangrikheid van die uitvoer van sulke ontledings tot op boerderywinsvlak bepaal kan word. Omdat sommige van die opvolgingstelsels uit meer as een gewas bestaan, en omdat bruto marge-ontledings van die afsonderlike gewasse bemoeilik word weens die feit dat die braakperiodes verskil, is besluit om die gewaskombinasies in elke stelsel as 'n eenheid te beskou, eerder as afsonderlike gewasvertakkings. Die eerste stap was om die bruto produksiewaarde van die boerdery-eenheid (voortaan genoem die bruto boerderyproduksiewaarde) te bepaal. Daarna is alle veranderlike bedryfskoste afgetrek en die restant was die boerderymarge bo veranderlike koste. Deur alle vaste koste hiervan af te trek, is die netto boerdery-inkomste van die boerdery-eenheid verkry. In die laaste instansie is die vreemde faktorkoste bepaal en van die netto boerdery-inkomste afgetrek om sodoende die boerderywins van die eenheid te verkry. Tydens elkeen van hierdie stappe is die verskillende stelsels in 'n rangorde volgens winsgewendheid geplaas. Die finansiële jaar strek vanaf 1 Maart 1983 tot 29 Februarie 1984.

### 5.2.1 Bruto boerderyproduksiewaarde

Die bruto boerderyproduksiewaarde van 'n gewasopvolgingstelsel word vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer as die som van die bruto produksiewaardes van al die gewasvertakings in die betrokke stelsel. Die bruto produksiewaarde van 'n kontantgewasvertakking word verteenwoordig deur:

- (i) Bruto verkope;
- (ii) Versekering ontvang vir gewasverliese;
- (iii) Huisverbruik;
- (iv) Arbeidsverbruik;
- (v) Interne oordragte na ander vertakings; en
- (vi) Produkvoorraadaanpassings (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1983(a)).

Daar word veronderstel dat die volle jaarlikse produksie van elke stelsel verkoop word en dat geen voorraad vir watter doel ook al teruggehou word nie. Daar word verder veronderstel dat die oes slegs teen hael verseker word en dat enige skade wat weens hael gelei word, genoegsaam vergoed word ten einde die modelberekende opbrengs te handhaaf. Die bruto verkope van koring is bereken teen die bruto produsenteprys van graad B1 koring, maar in die geval van monokultuurkoring is 20% van die oes geneem teen die bruto produsenteprys van

graad B2 koring omdat dit die ondervinding is dat 'n sekere persentasie van monokultuurkoringgraan gewoonlik van 'n swakker graad as die res is. In ongunstige jare kan hierdie persentasie selfs hoër wees. Mieliegraan is waardeer teen die bruto produsenteprys van graad 1 witmielies en die mieliëhooi is verkoop teen R 35 per ton, maar dan moet die koper dit self op die land kom baal en verwyder.

Die berekening van die bruto boerderyproduksiewaardes van die onderskeie stelsels word in Tabel 5.2 aangetoon. Die mielie-monokultuurstelsel het die hoogste produksiewaarde gerealiseer, gevolg deur die koring-mielie-wisselboustelsel. Die langbraakkoringstelsel vertoon by verre die swakste, wat verstaanbaar is omdat slegs 50% van die bewerkbare oppervlakte gedurende 'n bepaalde jaar verbou word. Omdat 'n kleiner oppervlakte jaarliks verbou word, behoort die veranderlike koste natuurlik ook laer te wees. In die lig hiervan sou die marge bo veranderlike koste dus 'n meer korrekte aanduiding van winsgewendheid wees.

### 5.2.2 Boerderymarge bo veranderlike koste

Veranderlike koste is daardie deel van die totale kostekomponent wat binne die raamwerk van 'n bepaalde produksie-

**TABEL 5.2: BRUTO BOERDERYPRODUKSIEWAARDE (B.B.P.W.) VAN DIE HIPOTETIESE BOERDERY-EENHEID VIR DIE VERSKILLENDE GEWASOPVOLGINGSTELSELS (1983 - PRYSE)**

Stelsel	Gewas	Oppervlakte (ha)	Gemiddelde opbrengs (t/ha)	Eenheidsprys (R/t)	B.B.P.W. (R)	Rangorde
1	2	3	4	5	6 = 3 × 4 × 5	7
(i) Koringmonokultuur	Koring	600	1,169	263,90	185 099	4
(ii) Mielie-monokultuur	Mielies	600	1,700 *	170,05	195 774	1
			1,063 **	35,00		
(iii) Langbraakkoring	Koring	300	2,061	266,50	164 777	6
(iv) Koring-koring-langbraak	Koring	200	2,061	266,50	171 551	5
	Koring	200	1,169	263,90		
(v) Koring-mielie-wisselbou	Koring	200	2,061	266,50	194 680	2
	Mielies	200	2,210 *	170,05		
(vi) Koring-koring-mielie-wisselbou	Koring	150	2,061	266,50	192 285	3
	Koring	150	1,169	263,90		
	Mielies	150	2,210 *	170,05		
			1,381 **	35,00		

\*Graan

\*\*Hooi

struktuur kan verander namate die omvang van vertakkings varieer en/of die intensiteit van produksie per eenheid varieer (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1983(a)).

Die direk allokeerbare veranderlike koste van elke stelsel is in Bylae C bereken. Saad- en kunsmistoedieningspeile is soos aanbeveel vir die betrokke gewas teen die berekende gemiddelde opbrengspotensiaal. By koring is veronderstel dat 20% van die oes gedroog moet word, aangesien die eerste koring wat gestroop word gewoonlik bo die toegelate vogpersentasie is. Hierdie persentasie sal van jaar tot jaar verskil na gelang van weersomstandighede en sal ook bepaal word deur die totale oppervlakte wat gestroop moet word. Die persentasie is egter konstant gehou vir elke koringoes in elke stelsel. Daar is grootskaals van kontrakdienste gebruik gemaak, aangesien dit die tendens in hierdie gebied is om sekere kritieke bewerkingsaktiwiteite spoedig te probeer afhandel en om die belegging van groot bedrae geld in spesialiteitstoerusting te vermy. Om te bepaal of hierdie praktyk ekonomies geregverdig is, val buite die bestek van hierdie studie. Geen losarbeid is gebruik nie. Die gebruikmaking van kontrakdienste veroorsaak dat gereelde arbeiders beskikbaar is om daardie aktiwiteite uit te voer waarvoor gewoonlik losarbeiders in diens geneem word.



Die veranderlike trekker- en implementkoste is in Bylae D bereken. 'n Volledige meganisasiebeplanning is vir die boerdery-eenheid in die geval van elke stelsel gedoen, ten einde te bepaal watter en hoeveel toerusting tydens die toepassing van elke stelsel benodig word (kyk Bylae E). Tydens die meganisasiebeplanning is gebruik gemaak van riglyne soos aangedui deur die Afdeling Landbou-ingenieurswese (Suid-Afrika (Republiek), 1979). Die veranderlike trekker- en implementkoste is bereken volgens die handleiding wat deur die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie (Suid-Afrika (Republiek), 1983(b)) vir hierdie doel verskaf word. Die tydstop en tipe bewerkings is soos verskaf deur die gewasprodusente in die ondersoekgebied.

Veranderlike bakkiekoste is geneem teen 10 000 kilometer per jaar teen 11c/km vir 'n 1-ton dieselbakkie. Geen onderskeid is getref tussen die verskillende stelsels met betrekking tot die hoeveelheid kilometer wat jaarliks vir boerderydoeleindes afgelê moet word nie. Die vermoede bestaan egter dat sommige stelsels die aandag van die bestuurder op verskeie plekke gelyktydig sal verg, wat sal veroorsaak dat meer kilometers gery moet word.

Die gedepresieerde waarde van die vaste verbeterings op die boerdery-eenheid is geneem teen 10% van die markwaarde van

die boerdery-eenheid. Die markwaarde van die eenheid is R 1 000 per hektaar. Die markwaarde is bepaal deur aan boere in die gebied te vra wat hulle bereid sal wees om vir die boerdery-eenheid te betaal indien hulle die helfte van die koopsom moet leen, rente op die lening moet betaal en nog genoeg oorhou om 'n redelike lewensstandaard te handhaaf en indien hy nie oor alternatiewe inkomstebronne beskik nie. Veranderlike vaste verbeteringskoste is geneem teen 2% van die waarde van die vaste verbeterings. Bostaande veronderstellings is gebaseer op Posrekordresultate in die Bloemfonteingebed, soos ingesamel deur die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie (Suid-Afrika (Republiek), 1974).

Die berekening van die boerderymarge bo veranderlike koste word in Tabel 5.3 uiteengesit. Hieruit kan gesien word dat 'n keuse slegs op grond van die bruto boerderyproduksiewaarde verkeerd was. Die mielie-monokultuurstelsel wat eerste geplaas was, is nou die swakste, terwyl langbraakkoring wat laaste geplaas was, nou die derde beste vertoon. Op hierdie stadium vertoon die koring-mielie-wisselboustelsel die beste met 'n marge bo veranderlike koste van R 121 590.

**TABEL 5.3: BOERDERYMARGES VAN DIE HIPOTETIESE BOERDERY-EENHEID VIR DIE VERSKILLENDE GEWASOPVOLGINGSTELSELS (1983 - PRYSE)**

Item	STELSEL					
	(i) Koring- monokultuur	(ii) Mielie- monokultuur	(iii) Langbraak- koring	(iv) Koring-koring- langbraak	(v) Koring-mielie- wisselbou	(vi) Koring-koring- mielie-wisselbou
1. B.B.P.W. (R)	185 099	195 774	164 777	171 551	194 680	192 285
2. Saad en kunsmis (R)	22 334	45 083	13 879	16 697	24 280	23 793
3. Onkruid- en plaagdoders (R)	10 007	18 829	5 003	6 671	9 612	9 711
4. Versekering (R)	12 096	8 640	10 080	10 752	9 600	10 224
5. Bemerkingskoste (R)	1 123	2 550	989	1 034	1 764	1 604
6. Kontrakwerk (R)	18 627	4 590	10 695	13 339	9 119	11 496
7. Totaal D.A.Ver.K (R) (2+3+4+5+6)	64 187	79 692	40 646	48 493	54 375	56 828
8. Boerdery bruto (R) marge (1 - 7)	120 912	116 082	124 131	123 057	140 305	135 457
9. Veranderlike trekker- & implementekoste (R)	22 727	24 401	14 845	18 553	16 415	18 298
10. Veranderlike bakkie- koste (R)	1 100	1 100	1 100	1 100	1 100	1 100
11. Veranderlike vaste verbeteringskoste (R)	1 200	1 200	1 200	1 200	1 200	1 200
12. Boerderymarge bo veranderlike koste (R) (8-9-10-11)	95 885	89 381	106 986	102 204	121 590	114 859
13. Rangorde	5	6	3	4	1	2

### 5.2.3 Netto boerdery-inkomste

Netto boerdery-inkomste kan gedefinieer word as die vergoeding aan grond (eie en gehuur), kapitaal (eie en geleen) en bestuur (eie en gehuur) (Suid-Afrika (Republiek), 1983(a)). Om die netto boerdery-inkomste van die boerdery-eenheid te bepaal, is alle vaste koste van die boerderymarge bo veranderlike koste (in Tabel 5.3) afgetrek. Hierdie berekening word in Tabel 5.4 aangetoon.

Die vergoedingspakket van trekkerbestuurders is bereken teen R 1 350 per jaar, terwyl 'n gewone gereelde arbeider R 950 per jaar ontvang. Geen in natura-vergoeding is by die vergoedingspakkette ingesluit nie, omdat veeprodukte nie beskikbaar is nie en omdat veronderstel is dat alle gewasprodukte verkoop word. Die arbeidsbehoefte van elke stelsel is gebaseer op die meganisasiëbeplanning. Vir elke trekker word 2 trekkerbestuurders benodig om voorsiening te maak vir spitstye wanneer dag en nag gewerk word, plus 2 gewone gereelde arbeiders addisioneel per stelsel.

In Bylae E word die vaste voertuig- en werktuigkoste van elke stelsel aangetoon, wat ook vanuit die masjineriekostehandleiding van die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie verkry is (Suid-Afrika (Republiek), 1983(b)). Slegs depresiasie-,

TABEL 5.4: NETTO BOERDERY-INKOMSTE (N.B.I.) VAN DIE HIPOTETIESE BOERDERY-EENHEID VIR DIE VERSKILLENDE GEWASOPVOLGINGSTELSELS (1983 - PRYSE)

Stelsel	Marge bo veranderlike koste (R)	Arbeidskoste (R)	Voertuig- en werktuigkoste Depresiasie (R)	Vers & Lis (R)	Vaste verbeteringskoste Depresiasie (R)	Versekering (R)	Diverse kostes (R)	N.B.I. (R)	Rangorde
1	2	3	4	5	6	7	8	9=2-(3+...+8)	10
(i) Koringmonokultuur	95 885	10 000	16 637	2 286	2 400	600	1 800	62 162	5
(ii) Mielie-monokultuur	89 381	10 000	19 598	2 286	2 400	600	1 800	52 697	6
(iii) Langbraak-koring	106 986	7 300	11 174	1 631	2 400	600	1 800	82 081	2
(iv) Koring-koring-langbraak	102 204	10 000	14 989	2 186	2 400	600	1 800	70 229	4
(v) Koring-mielie-wisselbou	121 590	10 000	16 717	2 066	2 400	600	1 800	88 007	1
(vi) Koring-koring-mielie-wisselbou	114 859	10 000	16 878	2 066	2 400	600	1 800	81 115	3

versekering- en lisensiekoste word vir netto boerdery-inkomste doeleindes in ag geneem. Die depresiasie op vaste verbeterings is geneem teen 4% van die waarde van die vaste verbeterings, terwyl die versekering geneem is teen 1% van die waarde van die vaste verbeterings. Diverse kostes, wat insluit bankkoste (nie rente nie), telefoon- en posbuskoste, boekhoudersfooie, ensovoorts, word geraam op R 1 800 per jaar vir al die stelsels.

Volgens die inligting in Tabel 5.4 bly die koring-mielie-wisselboustelsel steeds die mees winsgewende stelsel, terwyl die meliemonokultuurstelsel nog verder terug gesak het. Die langbraakkoringstelsel het op hierdie stadium, in vergelyking met Tabel 5.3, in die tweede posisie ingeskuif ten koste van die koring-koring-mielie-wisselboustelsel. Dit kan steeds gevaarlik wees om die evaluasieproses op hierdie stadium te staak, want 'n belangrike koste-item, naamlik rente, is nog nie in berekening gebring nie. Daarom is die bepaling van boerderywins essensieel.

#### 5.2.4 Boerderywins

Boerderywins of -verlies kan gedefinieer word as die vergoeding aan eie grond, kapitaal en bestuur, en word verkry deur

alle vreemde faktorkoste van die netto boerdery-inkomste (in Tabel 5.4) af te trek. Die resultate word in Tabel 5.5 gegee. Die vreemde faktorkostes behels: huur en om 'n deel betaal op grond, rente en finansieringskoste op geleende kapitaal en vergoeding aan gehuurde plaasbestuur (Suid-Afrika (Republiek), Afdeling Landbouproduksie-ekonomie, 1983(a)).

Geen grondhuur word in berekening gebring nie omdat dit in elk geval vir alle stelsels dieselfde sal wees. Daar word veronderstel dat die boerdery-eenheid die ondernemer se eiendom is en op hierdie stadium word ook veronderstel dat daar geen verband op die boerdery-eenheid is nie. Daar word dus ook geen rente op verbandlenings afgetrek nie, want dit behoort ook vir alle stelsels dieselfde te wees. Dit kan natuurlik gebeur dat die winsgewendheid van 'n bepaalde stelsel sodanig is dat verbandpaaielemente op 'n stadium agterstal- lig geraak het, wat gevolglik veroorsaak dat verbandrente verhoog.

Die rente op losgoedkapitaal is vanuit Bylae E verkry en verteenwoordig die rentekoste op voertuie en werktuie, hetsy of dit met eie fondse of met geleende fondse gekoop is. Die rente op bedryfskapitaal is met behulp van uitstaande skuld- begrotings bereken. Hierdie begrotings word in Bylae F gegee. Die rentekoers op produksielenings is opwaarts aan-

**TABEL 5.5: BOERDERYWINS VAN DIE HIPOTETIESE BOERDERY-EENHEID VIR DIE VERSKILLENDE GEWASOP-VOLGINGSTELSELS (1983 - PRYSE)**

Stelsel	N.B.I	Rentekoste (R)		Boerderywins R	Rangorde
		Losgoedkapitaal	Bedryfskapitaal		
1	2	3	4	5=2-(3+4)	6
(i) Koringmonokultuur	62 162	11 959	8 441	41 762	5
(ii) Mielie-monokultuur	52 697	14 131	13 859	24 707	6
(iii) Langbraakkoring	82 081	7 742	5 506	68 833	2
(iv) Koring-koring-langbraak	70 229	10 746	7 086	52 397	4
(v) Koring-mielie-wisselbou	88 007	11 831	4 196	71 980	1
(vi) Koring-koring-mielie-wisselbou	81 115	11 946	4 527	64 642	3



gepas omdat nie alle bedryfsuitgawes met produksiekrediet finansier kan word nie. Die rentekoers is geneem teen 18% per jaar op die uitstaande balans. Die bedryfsuitgawes is ook nie geassosieer met 'n spesifieke gewas nie, met ander woorde uitstaande skulde word gedelg indien die boerdery-eenheid 'n oes lewer, ongeag of dit aangewend is om daardie spesifieke gewas te produseer of nie. Die bedryfsuitgawes word beskou asof dit verspreid oor die betrokke maande aangegaan word en die bedryfsinkomste word veronderstel aan die einde van die oesmaand ontvang te word. Indien daar, nadat 'n oes gelewer is, enige surplusfondse in die uitstaande skuldbegroting ontstaan, word hierdie fondse onttrek en is nie weer beskikbaar vir die betaling van bedryfsuitgawes nie.

Volgens die boerderywins van elke stelsel in Tabel 5.5 en in vergelyking met hulle posisie in Tabel 5.4, kan gesien word dat hoewel die rangorde van die stelsels nie verder verander het nie, die gaping tussen die eerste en tweede beste stelsel vernou het, terwyl die gaping tussen hierdie twee stelsels en die ander stelsels net verder vergroot het. Die koring-mielie-wisselboustelsel is dus steeds die mees winsgewende gewasopvolgingstelsel met 'n boerderywins van R 71 980.

### 5.3.5 Opsommend

Bostaande berekenings het aangetoon dat 'n boerderywinsontleding essensieel is ten einde 'n ekonomiese vergelyking tussen verskillende gewasopvolgingstelsels te tref. Op grond van die gemiddelde opbrengs wat deur die onderskeie stelsels oor die 24-jaartermyn gehandhaaf is, is die koring-mielie-wisselboustelsel as die mees winsgewende stelsel bevind. Hierdie bevinding kan egter nie summier aanvaar word nie. Enige ontleding op grond van gemiddeldes is gevaarlik. In Tabel 5.1 is gesien dat gewasopbrengste (veral by mielies) groot variasie oor die 24 jaar getoon het. 'n Misoes in een betrokke jaar kan vir etlike jare daarna nog 'n invloed op die boerderywins hê, deurdat rente op oorlaatskulde betaal moet word. Die volgende stap is gevolglik om die jaarlikse boerderywinste vir elke gewasopvolgingstelsel te bepaal.

### 5.3 Boerderywinsontledings: jaarlikse opbrengste en 1983-pryse

Hierdie ontledings is gebaseer op die boerderywinsontledings van Paragraaf 5.2. Die berekening van die jaarlikse boerderywinssyfers word in Bylae G aangetoon. Jaarlikse bruto boerderyproduksiewaardes is verkry deur die opbrengs van

elke jaar met 1983-pryse te vermenigvuldig. Koringopbrengste kleiner as 100 kg/ha is nie ge-oes nie. Die monokultuuroopbrengste van die 1962, 1966 en 1979 is afgegradeer na 'n gemiddelde prys van R 239,48 /t omdat die kwaliteit van hierdie koring laer sal wees as dié wat normaalweg met monokultuur verkry word. Die mielie-opbrengste was elke jaar goed genoeg om die stroop- en bemarkingskoste te regverdig.

Die veranderlike kostes is verdeel in opbrengsafhanklike- en opbrengsonafhanklike veranderlike kostes. Opbrengsafhanklike veranderlike kostes is daardie veranderlike kostes wat direk beïnvloed word deur die grootte van die opbrengs, terwyl die grootte van die opbrengs geen direkte invloed het op opbrengsonafhanklike veranderlike kostes nie. Saad-, kunsmis-, onkruidbeheer- en plaagbeheerkoste, sowel as hael-versekering, kontrakspuit, veranderlike trekker- en implementkoste, bakkiekoste en veranderlike vaste verbeteringskoste is as opbrengsonafhanklike kostes beskou. Die hoeveelheid vooroeskoste wat aangegaan sal word hang natuurlik nou saam met die houding van die ondernemer teenoor risiko. Sommige produsente sal byvoorbeeld in die geval van 'n oes wat reeds swak lyk, vir luise spuit met die hoop dat dit die koringoes sal deurhaal, terwyl ander produsente sal redeneer dat hulle nie enige verdere onkoste wil aangaan nie. Die aanpassing van haelversekeringspotensiale by die oesverwag-

tinge van bepaalde jare en die invloed wat dit het op die grootte van jaarlikse versekeringspremies, moet eintlik ook in ag geneem word. Weens onvoldoende inligting met betrekking tot vooroespotensiale vir bepaalde jare, word al bogenoemde koste-items as opbrengsonafhanklike kostes beskou. Die enkele koste-items wat nie heeltemal hier tuis hoort nie, maak in elk geval 'n klein persentasie van totale koste van die boerdery-eenheid uit.

Bemarkingskoste en kontrakstroop en -wegry van die oes is beskou as suiwer opbrengsafhanklike veranderlike kostes. Hierdie koste-items is jaarliks aangepas by die gerealiseerde opbrengs, met inagneming van die oppervlakte wat geoes is. In jare waarin geen oes ingesamel is nie, was hierdie gedeelte van die veranderlike koste dus gelyk aan nul.

Vaste koste en rente op losgoedkapitaal is konstant vir al die jare gehou omdat die grootte van die oes nie die omvang van hierdie koste-items direk beïnvloed nie. Die rente op bedryfskapitaal is bepaal deur die uitstaande skuldbegrotings in Bylae F aan te pas vir elke jaar. Die 24 jaar is beskou as 'n siklus van jare, met ander woorde 1960 word voorafgegaan deur 1983. Die rente op bedryfskapitaal het nie veel van jaar tot jaar verskil in die geval van stelsels (iii) tot (vi) nie, maar enorme bedrae rente is in die geval van die

koring-en mielie-monokultuurstelsels gehef in die termyn wat gevolg het op 'n oes wat nie groot genoeg was om die bedryfskoste te dek nie.

'n Vergelyking tussen die verskillende gewasopvolgingstelsels op grond van die jaarlikse boerderywinstontledings word in Tabel 5.6 getref. Hiervolgens kan gesien word dat die

Tabel 5.6: 'n Vergelyking tussen die gewasopvolgingstelsels op grond van jaarlikse boerderywinste (1983-pryse)

STELSEL	AANTAL JARE:			
	Beste	Beste 3	Swakste	Negatief
(i) Koringmonokultuur	6	9	9	6
(ii) Mielie-monokultuur	3	7	11	11
(iii) Langbraakkoring	6	14	3	0
(iv) Koring-koring- langbraak	0	7	1	5
(v) Koring-mielie- wisselbou	9	19	0	3
(vi) Koring-koring- mielie-wisselbou	0	16	0	6

koring-mielie-wisselboustelsel steeds die beste vertoon deur 9 uit die 24 jaar die hoogste boerderywins op te lewer. In 19 van die 24 jaar was hierdie stelsel onder die drie beste stelsels. In geen enkele jaar het hierdie stelsel die swakste vertoon nie, hoewel daar wel in 3 jare 'n boerderyverlies getoon is. Die meliemonokultuurstelsel was in 7 van die 24 jaar onder die beste 3 stelsels, maar in 11 van die 24 jaar het hierdie stelsel die swakste vertoon. Die koringmonokultuurstelsel was in net soveel jare die swakste as wat dit onder die beste 3 stelsels getel het. Die boerderywins van die langbraakkoringstelsel was in geeneen van die 24 jaar negatief nie, terwyl al die ander stelsels wel in sommige jare 'n boerderyverlies getoon het. Dit is ook interessant om daarop te let dat die langbraakkoringstelsel die swakste vertoon het in jare waarin goeie opbrengste in die ander stelsels verkry is.

Ten spyte van die feit dat bostaande boerderywinsontledings die voordeel het dat dit jaarlikse opbrengsvariasies in ag neem en die invloed daarvan op die koste van die boerdery-eenheid aantoon, is daar nog steeds 'n leemte in bogenoemde berekenings. Hierdie leemte is dat 1983-pryse vir 1960 tot 1983 gebruik is om jaarlikse boerderywinssyfers te bereken. In die proses word aangeneem dat die verhouding tussen produsentepryse en die pryse van boerderybenodigdhede vanaf 1960

tot 1982 dieselfde was as wat dit in 1983 was, wat beslis nie die geval was nie. Verder word 'n Rand boerderywins in 1960 net soveel werd geag as 'n Rand boerderywins in byvoorbeeld 1975, wat 'n blatante miskenning van die tydwaarde van geld is.

Om bogenoemde twee probleme op te los, moes die jaarlikse boerderywinste eers teen die heersende pryse van elke jaar afsonderlik bereken word. Hiervoor is van prysindekse gebruik gemaak. Daarna is die huidige waarde van die aangepaste boerderywinste van elke stelsel bepaal en kon 'n finale keuse op grond van die boerderywinssyfers van die stelsels gemaak word.

#### 5.4 Boerderywinsontledings: jaarlikse opbrengste en pryse soos vir die betrokke jaar

Die jaarlikse boerderywinssyfers teen die heersende pryse in daardie betrokke jaar (met ander woorde die absolute winsyfers) is afgelei van die syfers wat in Bylae G bereken is, deur gebruik te maak van prysindekse soos verskaf deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Tendense (Suid-Afrika (Republiek) 1984(b)). Die berekenings word in Bylae H aangetoon.

Die jaarlikse bruto boerderyproduksiewaardes (BBPW) is aangepas deur van die volgende formule gebruik te maak:

$$\text{BBPW}_n = \frac{\text{Produsenteprysindeks in jaar } n}{\text{Produsenteprysindeks in 1983}} \times \text{BBPW}_{n \text{ 83-prise}}$$

(waar n = 1960 tot 1983)

Die gevolg hiervan is dat die bruto boerderyproduksiewaardes van al die jare voor 1983 kleiner word, terwyl die van 1983 dieselfde bly. Die produsenteprys van koring is gebruik om die produksiewaardes van koring te verwerk, terwyl die van mielies gebruik is om die produksiewaardes van mieliegraan sowel as mieliehooi te verwerk.

Omdat daar nie vir alle kostekomponente indekse beskikbaar was nie, is alle boerderykoste teen die prysindeks (PI) van boerderybenodigdhede aangepas, en wel deur gebruik te maak van die volgende formule:

$$\text{Koste}_n = \frac{\text{PI van boerderyben. in jaar } n}{\text{PI van boerderyben. in 1983}} \times \text{Koste}_{n \text{ 83-prise}}$$

(waar n = 1960 tot 1983)



Die jaarlikse absolute boerderywinssyfers is daarna verkry deur die boerderykoste in jaar n af te trek vanaf die bruto boerderyproduksiewaarde in jaar n. Die restant is dan die boerderywins in jaar n teen die heersende pryse in jaar n. Hierdie syfers is vervolgens gebruik om die huidige waardes van die jaarlikse absolute boerderywinssyfers van elke stelsel te bereken.

#### 5.5 Huidige waardes van boerderywinste

Die tydwaarde van geld is volgens Penson en Lins (1980) gebaseer op die ekonomiese feit dat 'n Rand vandag meer werd is as 'n Rand in die toekoms, omdat die Rand van vandag 'n potensiaal het om in die toekoms inkomste te genereer. Elke Rand boerderywins in 1960 kon dus intussen in waarde gegroei het teen die opbrengskoers van die projek waarin dit belê is. Omdat boerderywins per definisie die vergoeding aan eie kapitaal en bestuur is, en in die geval van hierdie boerdery-eenheid min of meer die bedrag is wat die ondernemer aan verbruikersitems kan bestee, kan die jaarlikse boerderywinssyfers ook gemeet word aan die koopkrag daarvan in die betrokke jaar waarin dit ontvang word. Omdat die pryse van boerderyprodukte, boerderybenodigdhede en verbruikersitems nie teen dieselfde koers sedert 1960 gestyg het nie, kan dit

gestel word dat 'n Rand boerderywins in 1960 nie dieselfde koopkrag as 'n Rand boerderywins in 1983 het nie. Hierdie beginsel is gebruik om die jaarlikse boerderywinssyfers voor 1983 te verreken na toekomstige waardes in 1983, deur die handhawing van die koopkrag van boerderywinste as maatstaf te gebruik.

Die metode wat gevolg is, was om die jaarlikse boerderywinssyfers (BW) wat in Bylae H bereken is, met die volgende formule aan te pas om die 1983-waarde in terme van die koopkrag daarvan te bepaal:

$$\begin{array}{l} \text{Huidige} \quad \text{Verbruikersprysindeks in 1983} \\ \text{waarde BW} = \frac{\text{-----}}{\text{n} \quad \text{Verbruikersprysindeks in jaar n}} \quad \times \quad \text{BW} \\ \text{-----} \\ \text{n} \end{array}$$

(waar n = 1960 tot 1983)

Die verbruikersprysindeks vir alle items, soos verskaf deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Tendense (Suid-Afrika (Republiek), 1984(b)), is gebruik om hierdie berekenings te doen. Nadat die boerderywinssyfers van elke jaar met bostaande formule aangepas is, is die som van hierdie verrekende boerderywinssyfers verkry en dit word aangetoon in Tabel 5.7.

Tabel 5.7: Totale huidige waardes van die jaarlikse boerderywinssyfers vir die verskillende gewasopvolgingstelsels (1960 - 1983).

Stelsel	Totale huidige waarde (R)	Rangorde
(i) Koringmonokultuur	1 520 300	5
(ii) Mielie-monokultuur	814 966	6
(iii) Langbraakkoring	2 101 090	1
(iv) Koring-koring-langbraak	1 785 402	4
(v) Koring-mielie-wisselbou	2 096 606	2
(vi) Koring-koring-mielie-wisselbou	1 972 651	3

In hierdie tabel kan gesien word dat die boerderywinssyfers van die langbraakkoringstelsel die hoogste totale huidige waarde het, met die koring-mielie-wisselboustelsel wat slegs R 4 484 (of 0,2%) swakker vertoon het, in die tweede plek. Die volgorde waarin die ander stelsels geplaas is stem ooreen

met die rangorde wat in Tabel 5.5 verkry is. Daar het wel 'n verandering in die verhouding tussen die winsgewendheid van die verskillende stelsels plaasgevind.

Op grond van die absolute jaarlikse boerderywinssyfers kan die langbraakkoringstelsel dus as die mees winsgewende stelsel beskou word. Voordat die finale keuse op grond van winsgewendheid gemaak kan word, is daar nog een aspek waaraan aandag gegee moet word. Tydens die berekening van die boerderywinste is die lewensduur van die meeste losgoedkapitaalitems geneem as 10 jaar, teen 'n jaarlikse gebruik soos veronderstel is in die handleiding wat gebruik is om die voertuig- en masjineriekoste te bereken (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1983(b)). Die verskil in depresiasiekoste tussen die gewasopvolgingstelsels het dus voortgevloei uit die verskillende kapitaalbeleggings. Met behulp van Bylae D is bepaal dat die jaarlikse gebruik van trekkers en implemente tussen die stelsels verskil. Die gevolg is dat losgoedkapitaalitems nie noodwendig na 10 jaar vervang word nie en daarom is die jaarlikse depresiasie ook nie noodwendig dieselfde as wat in die winsberekenings veronderstel is nie. Om hierdie en ander soortgelyke probleme uit te skakel, is weg beweeg van bostaande winsberekenings deur eerder die jaarlikse kontantvloei by elke stelsel in ag te neem, en dan die interne opbrengskoers van elke stelsel te bereken.

## 5.6 Interne opbrengskoers

Die interne opbrengskoers van 'n projek word deur Barry, Hopkin & Baker (1979) gedefinieer as daardie rentekoers wat die netto huidige waarde van geprojekteerde kontantvloei-bedrae gelyk aan nul stel. Omdat daar in die geval van hierdie ekonomiese ontleding met werklike kontantvloei-bedrae gewerk word, is die Netto-huidige-waarde-tegniek gebruik om die werklike interne opbrengskoers te bereken. Normaalweg word hierdie metode gebruik om 'n geprojekteerde interne opbrengskoers te bereken.

Die berekening van die interne opbrengskoerse van elke gewas-opvolgingstelsel is gebaseer op die absolute syfers wat in Bylae H bereken is. Die jaarlikse bruto boerderyproduksiewaardes word geag as 'n kontantinvloei wat aan die einde van elke betrokke jaar ontvang word. Die jaarlikse boerderykostesyfers is verminder met die depresiasie en rente op los-goedkapitaal van elke betrokke jaar. Die restant is as 'n kontantuitvloei aan die einde van die betrokke jaar beskou.

Die koopprys van die plaas aan die begin van die eerste finansiële jaar (1960/61) is bereken deur gebruik te maak

van die gekombineerde indeks van grondpryse in sekere agroeconomiese streke, soos verskaf deur die Afdeling Landbou-economiese tendense (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(b)). Omdat daar tydens hierdie studie met 'n 24-jaartermyn gewerk is, word daar veronderstel dat die boerderybedrywigheede aan die einde van die 1983/84-finansiële jaar gestaak word en dat die grond teen die 1983-markprys verkoop word. Die koopprys is beskou as 'n kontantuitvloei aan die begin van die 1960/61-finansiële jaar, terwyl die verkoopprys beskou word as 'n kontantinvloei aan die einde van die 1983/84-finansiële jaar.

Die prysindeks van masjinerie en werktuie, soos verskaf deur die Afdeling Landbou-economiese tendense (Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou, 1984(b)), is gebruik om die 1983-prys van voertuie en werktuie (kyk Bylae E) aan te pas vir die jare waarin voertuie en werktuie aangekoop moet word. Aan die begin van die 1960/61-finansiële jaar is die volledige reeks voertuie en werktuie van elke stelsel aangekoop teen die heersende pryse in die betrokke jaar en hierdie bedrag is geneem as 'n kontantuitvloei aan die begin van daardie jaar. Volgens die jaarlikse gebruik van elke stelsel is bepaal in watter jaar die losgoedkapitaalitems vervang moet word in terme van die lewensduur (in ure) wat deur die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie (Suid-Afrika (Republiek),

1983(b)) gebruik is. Die kontantuitvloei in die vervangings-  
jare is bepaal deur die aankooppryse van die betrokke kapi-  
taalitems in daardie jaar te verminder met die skrootwaarde  
van die items wat vervang word. Indien die item byvoorbeeld  
na 5 jaar afgeskryf word, is die skrootwaarde een vyfde van  
die kosprys van die betrokke item in die jaar waarin dit  
vervang word. Die skrootwaarde van die kapitaalitems aan die  
einde van die 1983/84-finansiële jaar is op soortgelyke wyse  
bereken en geneem as 'n kontantinvloei aan die einde van  
daardie jaar.

Tydens die berekening van die interne opbrengskoerse is die  
begin van die 1960/61-finansiële jaar geneem as die huidige  
tydstip, met al die daaropvolgende jare as toekomstige jare.  
Om die interne opbrengskoers te bereken moes dus bepaal word  
watter verdiskonteringskoers die netto kontantvloei bedrae van  
elke jaar gelyk aan nul stel. Die resultate word aangetoon  
in Tabel 5.8. Hiervolgens kan gesien word dat presies die-  
selfde rangorde van winsgewendheid verkry word as wat in  
Paragraaf 5.5 verkry is. Die winsgewendheidsverskille is  
egter minder hewig as vantevore.

Die langbraakkoringstelsel moet as die mees winsgewende  
gewasopvolgingstelsel beskou word, met die koring-mielie-  
wisselboustelsel as 'n waardige plaasvervanger. Indien die

omvang van die berekenings en die aannames wat daarmee gegaan het in ag geneem word, sou dit nie verkeerd wees om die twee stelsels as ewe winsgewend te beskou nie. Selfs die koring-koring-mielie-wisselboustelsel is 'n goeie keuse.

Tabel 5.8: Interne opbrengskoerse van die verskillende gewasopvolgingstelsels vir die tydperk 1960 tot 1983.

Stelsel	Interne opbrengskoers (%)	Rangorde
(i) Koringmonokultuur	17,93	5
(ii) Mielie-monokultuur	15,13	6
(iii) Langbraakkoring	23,47	1
(iv) Koring-koring- langbraak	20,71	4
(v) Koring-mielie- wisselbou	23,20	2
(vi) Koring-koring- mielie-wisselbou	21,99	3



Die besonder hoë interne opbrengskoerse wat by alle stelsels verkry is word onder andere toegeskryf aan die grondverdeling van die hipotetiese boerdery-eenheid en die feit dat absolute waardes gebruik is. Dit is egter nie die omvang van hierdie koerse nie, maar eerder die verwantskap tussen die koerse wat vir die doeleindes van hierdie studie van belang is.

#### 5.7 Risiko-bepaling

Die bepaling van die risiko van elke gewasopvolgingstelsel is gedoen aan die hand van 'n metode wat deur Barnard & Nix (1979) toegepas is. Hiervolgens kon die risiko van elke stelsel uitgedruk word in terme van die waarskynlikheid om in 'n bepaalde jaar nie in staat te wees om die vaste verpligtinge van die boerdery na te kom nie.

Die berekening van hierdie waarskynlikhede word in Tabel 5.9 uiteengesit. Om hierdie berekenings uit te voer, is van die jaarlikse boerderywinsontledings in Bylae G gebruik gemaak. Die gemiddelde, standaardafwyking en koëffisiënt van variasie van die boerderymarge bo veranderlike koste is vir elke stelsel bereken en die minimum boerderymarge bo veranderlike koste oor die 24 jaar is vir elke stelsel afgelees uit Bylae G. Hiervolgens kan gesien word dat die langbraakkoring-

TABEL 5.9: VARIASIE IN BOEDERYMARGE BO VERANDERLIKE KOSTE EN DIE VERMOË VAN DIE BOEDERY-EENHEID OM JAARLIKSE VASTE VERPLIGTINGE NA TE KOM VIR DIE VERSKILLENDE GEWASOPVOLGINGSTELSELS (1983 - PRYSE)

Stelsel	Besetting			Boerderymarge bo veranderlike koste				*Vaste verpligtinge e (R)	Maksimum tekort f=d-e (R)	Waarskynlikheid van 'n tekort	
	Koring	Mielies	Braak	Gemiddelde	Standaard afwyking	Koëffisiënt van variasie c=100b/a (%)	Minimum			**Persentasie g=(a-e)/b (%)	1 uit n jaar h=100/g (Jare)
	(ha)	(ha)	(ha)	a (R)	b (R)		d (R)				
(i) Koringmonokultuur	600	-	-	95 487	94 430	98,89	-74 264	90 088	-164 352	47,7	2,1
(ii) Mielie-monokultuur	-	600	-	89 357	93 705	104,87	-45 329	99 347	-144 676	54,2	1,8
(iii) Langbraak-koring	300	-	300	106 978	31 493	29,44	48 472	68 803	-20 331	11,3	8,9
(iv) Koring-koring-langbraak	400	-	200	102 074	52 454	51,39	6 539	80 832	-74 293	34,2	2,9
(v) Koring-mielie-wisselbou	200	200	200	121 585	55 084	45,31	24 220	80 476	-56 256	22,8	4,4
(vi) Koring-koring-mielie-wisselbou	300	150	150	114 761	61 680	53,75	-660	81 552	-82 212	29,5	3,4

\* Uitgesluit huishoudelike uitgawes en persoonlike belasting.

\*\* Die berekende waarde word gebruik om die waarskynlikheid uit die Normaalverdelingstabelle af te lees.

stelsel die laagste koëffisiënt van variasie, asook die hoogste minimum boerderymarge bo veranderlike koste het. Die mieliemonokultuurstelsel het die hoogste koëffisiënt van variasie, maar die koringmonokultuurstelsel het die laagste minimum boerderymarge bo veranderlike koste.

Die jaarlikse vaste verpligtinge van die boerdery-eenheid is bepaal deur die volgende boerderykoste as vaste verpligtinge te beskou:

- (i) Arbeidskoste;
- (ii) Depresiasie op voertuie en werktuie synde die jaarlikse afbetaling van mediumtermynlenings met die aankoop van hierdie items;
- (iii) Versekering en lisensies op voertuie en werktuie;
- (iv) Versekering op vaste verbeterings;
- (v) Diverse kostes;
- (vi) Rente op losgoedkapitaal synde die rente op medium-termynlenings met die aankoop van voertuie en werktuie te verteenwoordig;
- (vii) Rente op bedryfskapitaal synde die rente wat op produksielenings betaal moet word; en
- (viii) Rente en delging op 'n verbandlening van 50% van die markwaarde van die boerdery-eenheid teen 'n rentekoers van 10% per jaar op die uitstaande balans en wat oor

'n termyn van 25 jaar gedelg word.

Die maksimum tekort wat oor die 24 jaar by elkeen van die stelsels ondervind is, is verkry deur die jaarlikse vaste verpligtinge van die minimum boerderymarge bo veranderlike koste af te trek. Hieruit kan gesien word dat die langbraakkoringstelsel die kleinste maksimum tekort, en die koringmonokultuurstelsel die grootste maksimum tekort toon. Die waarskynlikheid van 'n tekort is bepaal deur die berekende waardes in kolom g in die Normaalverdelingstabelle op te soek en dan die persentasie af te lees (Dunn & Clark, 1974).

Die waarskynlikheid om 'n tekort in 'n bepaalde jaar te ondervind is die kleinste in die geval van die langbraakkoringstelsel, naamlik 11,3% (of 1 uit 8,9 jaar). Hierdie waarskynlikheid is heelwat hoër by die koring-mielie-wisselboustelsel, naamlik 22,8% (of 1 uit 4,4 jaar). Die waarskynlikheid van 'n tekort is die hoogste by monokultuur-mielies, naamlik 54,2% (of 1 uit 1,8 jaar). Monokultuurkoring is feitlik net so riskant met 'n waarskynlikheid van 47,7% (of 1 uit 2,1 jaar).

Hoewel al die veronderstelde vaste verpligtinge nie noodwendig op elke boerdery-eenheid van toepassing sal wees nie, gee

dit immers 'n aanduiding van die situasie waarin veral jong toetreders tot die boerderybedryf hulle kan bevind. Indien daar geen verbandskuld op die boerdery-eenheid is nie, sal dit 'n aansienlike afname in die riskantheid van al die stelsels meebring. In Tabel 5.10 word die afname in die waarskynlikhede aangetoon, indien daar eerstens geen verbandskuld

Tabel 5.10: Waarskynlikheid van 'n tekort vir elke gewasopvolgingstelsel met verskillende skuldposisies

* Stelsel	Met verband- en mediumtermynskuld Verpligt. Waarsk.		Sonder verbandskuld Verpligt. Waarsk.		Sonder verband- & mediumtermynskuld Verpligt. Waarsk.	
	(R)	(%)	(R)	(%)	(R)	(%)
(i)	90 088	47,7	57 038	34,2	28 442	23,9
(ii)	99 347	54,2	66 297	40,3	32 568	27,2
(iii)	68 803	11,3	35 753	1,2	16 837	0,2
(iv)	80 832	34,2	47 782	15,6	22 047	6,4
(v)	80 476	22,8	47 426	8,9	18 878	3,1
(vi)	81 552	29,5	48 502	14,1	19 678	6,2

\* Die stelselnommers is dieselfde as in die vorige tabelle.

en tweedens geen verbandskuld en mediumtermynskuld (op los-goedkapitaalitems) bestaan nie. Hieruit kan gesien word dat die risiko van droëlandgewasproduksie aanmerklik laer is indien daar geen verband- en mediumtermynskulde voorkom nie. Die riskantheid van die langbraakoringstelsel in die afwesigheid van verband- en mediumtermynskulde daal tot 0,2% (of 1 uit 500 jaar). Die risiko van die monokultuurstelsels is selfs sonder hierdie skuldverpligtinge steeds hoër as by die langbraakkoring- en koring-mielie-wisselboustelsels met hierdie skuldverpligtinge.

### 5.8 Opsommend

Die berekende braakland- en monokultuuropbrengste van koring het getoon dat daar nie alleen 'n betekenisvolle verskil tussen braakland- en monokultuuropbrengste bestaan nie, maar dat braaklandopbrengste ook heelwat minder variasie toon as monokultuuropbrengste. Mielie-opbrengste het 'n kleiner variasie getoon as dié van koring onder monokultuurtoestande.

